



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

BESTUURSVERSLAG VAN DIE REKTOR AAN DIE RAAD

Maandag 27 November 2017

Deur prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

1.	Inleiding.....	4
2.	Verbreiding van toegang.....	5
2.1	Studentewerwing.....	5
2.2	Studenteaansoeke en -toelatings	7
2.3	Finansiële steun vir studente	8
2.4	Registrasietaakgroep weer byeengeroep vir registrasie 2018	10
2.5	Gesprek met skole oor transformasie en taal aan die US.....	10
2.6	Hofuitspraak oor Taalbeleid van 2016.....	11
2.7	Taalsentrum	11
2.8	Bewusmaking oor gestremdheid	12
2.9	Graderekord vir Braillekantoor	13
2.10	Biblioteekure verleng.....	13
3.	Behoud van momentum van uitnemendheid.....	14
3.1	Prof Pumla Gobodo-Madikizela ontvang eredoktorsgraad	14
3.2	Odersteuning van 21ste-eeuse leer en onderrig	14
3.3	Klusters in studentegemeenskappe.....	15
3.4	Rektorstoekennings vir topstudente	15
3.5	Jaarlikse nadoktorale navorsingsdag	15
3.6	Navorsingsdatabestuur	15
3.7	Toekennings en eerbewyse.....	16
3.8	Nuwe slimfoontegnologie op proef gestel vir toegang tot eksamenlokale.....	16
3.9	Gesondheidspaspoort vir personeellede en studente.....	17
4.	Bevordering van sosiale impak	17
4.1	Geestesgesondheidsbewusmaking.....	17
4.2	Albinismebewusmaking	17
4.3	Bestryding van geslagsgeweld	17
4.4	Sosiale Impak-simposium.....	17
4.5	Bekendstelling van die Sosiale Impak-kennisplatform	18
4.6	Samewerking met e'Bosch oor erfenis	18
4.7	Opleiding vir studenteleiervrywilligers	18
4.8	Proses vir die erkenning van die ko-kurrikulum	19
4.9	Hulp aan studente om werk te kry	19
4.10	Groot Stellenbosse werkgewers werk saam vir inklusiewe ontwikkeling	19
4.11	US Museum.....	19
4.12	US Woordfees	20
4.13	Sanlam WOW-spelkompetisie	20
4.14	Sportgeneeskundediens	21
5.	Uitbreiding van internasionalisasie.....	21
5.1	Biblioteek en Inligtingsdiens	21
5.2	Makerere-besoek (Uganda)	21
5.3	Afrika-sportgeneeskunde.....	22
6.	Bevordering van sistemiese transformasie.....	22
6.1	Biblioteek se naam verander	22
6.2	Transformasiebevoegdheidsprogram.....	22
7.	Verbetering van sistemiese volhoubaarheid	22
7.1	Begroting 2018.....	22
7.2	Aansporingsfinansiering vir gegradeerde navorsers.....	22
7.3	Strategiese navorsingstemas	23
7.4	Navorsingsindaba.....	23

7.5	Studenteskekaling.....	23
7.6	Terugvoering oor verslag oor beëindiging van verkragtingskultuur.....	24
7.7	Nuwe SR	24
7.8	Voorligting en steun.....	25
7.9	Biblioteek- en Inligtingsdiens bevorder volhoubaarheid.....	25
7.10	Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge.....	25
7.11	Toekenning van Andrew W Mellon-stigting	28
7.12	Korporatiewe Kommunikasie.....	28
7.13	Ooreenkoms met Departement van Verdediging hernu	33
7.14	Prof Russel Botman vereer	33
8.	Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek	34
8.1	Universiteit Stellenbosch Biblioteek	34
8.2	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se biblioteek	34
8.3	Bellvilleparkkampus-inligtingsentrum	34
9.	Slot	35
	BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE	36

1. Inleiding

Ons is dankbaar om **klasse vir die akademiese jaar 2017 suksesvol te kon afsluit** as een van die voorste universiteite in die land en op die vasteland, en om met die eindeksamen te kon begin.

Ons is trots daarop dat ons studentesuksessyfer onder die hoogste in die land is (86% in 2016), dat die kwalifikasies wat ons toeken 'n opwaartse tendens toon (8 348 kwalifikasies in 2016, waaronder 1 468 magister- en 278 doktorsgrade), en dat ons plek op die vernaamste internasionale ranglyste aanhou verbeter (42ste uit 300 universiteite op die Times-hoëronderwysranglys vir BRICS-universiteite, 361ste uit 959 universiteite op die QS-wêrelduniversiteitsranglys, en in die kategorie 351–400 uit 981 universiteite op die Times-hoëronderwysranglys vir universiteite wêreldwyd).

Ons gaan fluks voort om die beste studente uit diverse omgewings te werf, en lok hoogs gekwalifiseerde en gesogte akademiese en PASD- (professionele, administratiewe en steundiens-) personeel. In pas met ons mandaat as 'n akademiese instelling dra ons beduidend tot die soeke na oplossings vir groter samelewingsuitdagings by, in samewerking met ander instellings en organisasies in 'n ekologie van ontwikkelingsvennote. Ons is daartoe verbind om hierdie momentum van uitnemendheid te behou, selfs in die moeilikste omstandighede.

Wat eksterne aangeleenthede betref, moes die Presidensie met die skryf van hierdie verslag nog die **Heher-verslag oor die haalbaarheid van gratis hoër onderwys in Suid-Afrika** vrystel. Tog het die dokument glo uitgelek en het uittreksels in die media verskyn. Verskeie partye, waaronder Universiteite Suid-Afrika (USAf), het gevra dat die verslag formeel uitgereik word, saam met antwoorde van die staat, onder meer 'n aanduiding van implementeringsmaatreëls.

Sekere studentegroepe het reeds aangekondig dat hulle met niks minder as gratis onderwys tevrede sal wees nie. Om ons belanghebbendes op hoogte te hou, het die US 'n verklaring ([klik hier om te lees](#)) uitgereik oor voorgestelde studiegeld vir 2018, wat nog onderworpe is aan die Raad se finale goedkeuring by sy laaste vergadering van 2017. Die voorstel behels 'n verhoging van 8% in klasgeld, met die moontlikheid van wisselende fooiaanpassings vir verskillende programme, en 'n styging van 9,2% in koshuigeld. Hoewel dit uiters moeilik is om te midde van soveel onsekerheid te beplan, bly die bestuur daartoe verbind om te doen wat ook al nodig is om sistemiese volhoubaarheid, waaronder finansiële volhoubaarheid, te verseker.

Die **Kommissie vir Gendergelykheid (KGG)** het my gedagvaar om op 1 November in Johannesburg namens die US voor 'n verhoor oor institusionele gendertransformasie te verskyn. Ek het 'n verteenwoordigende en bekwame span byeengeroep om my as medevertenwoordigers van die Universiteit te vergesel. Ons benadering was dat ons die KGG se grondwetlike mandaat respekteer en die geleentheid verwelkom om oor die stand van gendergelykheid by ons instelling verslag te doen. Ons was openhartig daaroor dat ons transformasiereis nog ver van klaar is, maar dat ons vasberade bly om die pad van gendergelykheid saam met ons belanghebbendes te stap.

Die KGG het ons instelling se vordering erken en die Universiteit bedank vir sy deelname aan die proses, tevreidenheid uitgespreek met die samestelling van die US-span, en hom daartoe verbind om voortaan met die Universiteit saam te werk. [Klik hier om meer te lees](#).

Gender lê op die kruispunt van verskeie aspekte en sluit onder meer etnisiteit, sosio-ekonomiese stand, gestremdheid en seksuele oriëntasie in. Dít alles maak deel uit van ons strategie van sistemiese transformasie. Benewens ons verbintenis tot uitnemendheid en sistemiese volhoubaarheid, belê ons dus aansienlike hulpbronne en energie in die strewe na billikheid en om 'n meer deernisvolle universiteit te word.

Aangesien die termyn van ons huidige *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* stadigaan uitloop, is een van ons belangrikste take om 'n nuwe padkaart vir die toekoms op te stel. Onder leiding van prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, is dié proses reeds goed op dreef met bydraes van verskillende taakgroepe wat vir hierdie doel geskep is, sowel as van

verskeie US-fakulteite en -afdelings. Neem gerus deel wanneer u so versoek word sodat ons uiteindelik 'n **nuwe strategiese raamwerk** sal hê wat van onder na bo ontwikkel is en ons instelling die volgende eeu sal kan inneem.

By hierdie vergadering is dit prof Hester Klopper, **Adjunkvisekanselier: Strategie en Internasionalisasie**, sowel as prof Leopoldt van Huyssteen, **Bedryfshoof**, saam met prof Stan du Plessis, wat sedert die begin van die jaar as aangewese Bedryfshoof dien, wat hulle eie omvattende jaarverslae aan ons voorlê. Ek sal dus in hierdie oorhoofse bestuursverslag slegs 'n paar ontwikkelings in hulle onderskeie verantwoordeliksentrums (VS'e) uitlig. **Raadpleeg gerus hulle verslae vir volledige inligting.**

Ons opregte dank en **waardering aan prof Van Huyssteen**, wat aan die einde van 2017 uittree, vir sy jare lange uitnemende diens aan die Universiteit. Ons wens hom alles van die beste toe vir die toekoms.

Hierdie verslag handel oor die tydperk van **28 Augustus** (die VS-indieningsdatum vir die vorige Raadsvergadering van 27 September) **tot 26 Oktober 2017** (indieningsdatum vir hierdie vergadering van 27 November), met 'n paar uitsonderings om ook beduidende ontwikkelings buite hierdie tydperk in te sluit (tot en met my indieningsdatum van **9 November**).

Ek verwelkom hierdie geleentheid om aan die Raad verslag te doen.

2. Verbreding van toegang

Die verbreding van toegang is een van drie oorhoofse strategiese prioriteite in die US se *Institusionele Voorneme en Strategie (IVS) 2013–2018*. Dit hou spesifiek verband met die eerste aspek van ons Visie 2030 – om meer inklusief te word. En in die US se *Institusionele Plan (IP) 2017–2022* word die verbreding van toegang verder uitgepak as een van sewe institusionele strategieë. Daar word genoem dat ons dit nastreef deur, onder meer, die diversiteitsprofiel van ons personeel- en studentekorps te verhoog.

2.1 Studentewerwing

Die huidige onderwyslandskap is onegalige terrein. Namate ons voortgaan om die beste kandidate te bearbei om die US as hulle voorkeurinstelling te oorweeg, bevorder ons terselfdertyd 'n transformasieagenda.

Die Sentrum vir Studentewerwing speel 'n kernrol in die posisionering en handhawing van die US as 'n waardebelaaide instelling onder plaaslike gemeenskappe, en fasiliteer sodoende toegang tot hoër onderwys vir alle studente wat aan die instelling se toelatingsvereistes voldoen.

'n Paar hoogtepunte in die verslagtydperk volg hieronder.

Die Sentrum het **verskeie skole** in die Wes-Kaap, Gauteng, Vrystaat, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap **besoek** om met leerders te skakel. 'n Belangrike klemverskuiwing is die verlengde werwingspyplyn, wat nou van graad 9 tot graad 12 strek. Hierdie skakelings het aanbiedings, uitstallings en psigometriele assesserings ingesluit (laasgenoemde by uitgesoekte skole deur die inisiatief Careers@Maties).

Die Sentrum is ook 'n gereelde gas en **deelnemer by konferensies en werksessies** wat deur én vir onderwysdepartemente gereël word om skoolhoofde, opvoeders en administrateurs te bereik. Van die geleenthede sluit onder meer in The Summit, die Kurrikulumversterkingsforum, die byeenkoms van die Suid-Afrikaanse Skoolhoofdevereniging, die SAOU se grondslagfasekongres, Lewensoriënteringsonderwysersdag, en Woeker met Wiskunde.

Die Sentrum het ook voordelige **verhoudings met SUNSEP en die BPSA-onderwysstigting**, wat interaksie moontlik maak met topkandidate van voorheen benadeelde gemeenskappe wat

talentprogramme in Genadendal, Randburg en elders in Johannesburg bywoon. Boonop het die Sentrum die **Fakulteit Ingenieurswese** ondersteun om 'n aantal geleenthede vir die bewusmaking en waardering van ingenieurswese onder leerders aan te bied. Een van die geleenthede, Vroue in Ingenieurswese, is spesifiek op vroueleerders van plaaslike skole afgestem. Die Sentrum werk ook saam met die US-studenteafdeling van AWCA (African Women Chartered Accountants) om met graad 11- en graad 12-leerders van **Groendal, Kylemore en Kayamandi** te skakel.

Die volgende tabel bied 'n samevatting van die Sentrum se reikwydte in 2017:

Soort skakeling	Statistieke: Julie–September 2017	Jaar tot dusver
Geraamde reikwydte (groeptgrootte)	12 961	114 837
Adviessessies	98 sessies gehou	753
Spreekbeurte/posisioneer Studentewerwing en US	29 geleenthede	220
Kampusbesoekers	617	1 184
Skoolgroepe verwelkom	6	30
Career@Maties	23 graad 11-leerders van verskeie skole, en 80 graad 9-leerders by 'n werksessie	278
Psigometrieë assesserings	19 kliënte	751
Verkenning	65 “nuwe” skole besoek	235
Uitstallings (loopbaanskoue)	3	52

Tabel 1: Aktiwiteite deur die US se Sentrum vir Studentewerwing

Die omvang van die Sentrum se werk is indrukwekkend. Hieronder is net enkele voorbeelde van sy aktiwiteite om topstudeute met die regte profiel vir die US te werf:

Die smee van bande tussen voornemende studente en fakulteite

Die Sentrum vir Studentewerwing het 'n geleentheid genaamd “Maties101” aangebied om die emosionele band tussen voorlopig aanvaarde studente en hulle fakulteite te versterk deur die twee persoonlik met mekaar in kontak te bring. Die Sentrum het met kernpersonele in die fakulteite geskakel om te sorg dat hulle aanbod op die dag 'n getroue weergawe van hulle akademiese en steunprogramme sou wees en voornemende studente 'n voorsmaak sou gee van wat hulle in hulle eerste jaar kan verwag. Nagenoeg 2 800 voorlopig aanvaarde toekomstige Maties en hulle ouers is op 30 September in agt fakulteite ontvang.

SUNPOI (“Stellenbosch University Physics Outreach Initiative”)

Die Departement Fisika het op 12 Augustus 'n praktiese intervensie vir graad 12's van die sekondêre skole Masiyile, Kayamandi, Cloeteville en Kylemore aangebied. Die intervensie is soortgelyk aan die SUNCOI-program van die Departement Chemie en bied 'n geleentheid vir leerders om deur middel van werklike apparate met kurrikulumspeifieke inhoud kennis te maak. Dit sal ons hopelik in staat stel om 'n pyplyn te skep waardeur ons talent in onderwysbenadeelde gemeenskappe kan ontsluit.

Skoolbesoeke

Die Sentrum word toenemend bewus van die behoefte om in verhoudingsbou-inisiatiewe te belê en sodoende toegang tot ons teikengehoor te bekom. Die kommunikasiemiddele wat dikwels

uitstekende resultate oplewer in skole wat vlot funksioneer (soos e-pos en foonoproep), blyk nie ewe goed in ander omgewings te werk nie. In sulke gevalle is persoonlike besoeke gewoonlik meer gepas. Dit bied ons die geleentheid om ons waardevoorstel in 'n informele gesprek te deel en die konteks en realiteite van die skool beter te verstaan. Die Sentrum se uitblinker in hierdie verband is me Bongiwe Mdingi, wat gedurende September vrou-alleen 39 onderwysbenadeelde skole met haar aanbiedings besoek en met meer as 2 400 leerders geskakel het. Besoeke aan hierdie spesifieke skole het ons opnuut laat besef watter impak konteks op jongmense se ontwikkeling en groei het, en hoe swak loopbaanvoorligting hulle drome kan verydel. Daar is 'n duidelike behoefte om hierdie leerders bloot te stel aan die magdom moontlikhede tot hulle beskikking deur aanbiedings deur rolmodelle, nuusinsetsels en video's op sosiale media.

Facebook- en Instagram-veldtog as dryfkrag agter die aansoekproses

Die Sentrum is op soek na innoverende maniere om talent na ons instelling te lok. Daarom is daar besluit om met die gebruik van sosiale media, veral Facebook en Instagram, te eksperimenteer as werktuie om die aansoekproses te bevorder. Die veldtogresultate was soos volg:

- 11 019 individue na www.maties.com gelei
- Videomateriaal 17 146 keer besigtig
- Advertensies 1 965 463 keer gekyk
- 327 175 unieke persone met advertensies bereik
- 31 950 reaksies op advertensies

Werwingsbeursprojek

Die US se werwingsbeursprojek beoog om die beste bruin, swart Afrikaan- en Indiërkandidate te werf. Topleerders wat voorlopig vir 'n akademiese program aan die US aanvaar is, ontvang 'n aanbod van gratis onderrig vir tot vier jaar (onderworpe aan prestasieverwante bepalings en voorwaardes) sowel as plasing in een van die Universiteit se koshuise. Daar was tot dusver vier toekenningsrondtes vanjaar wat met die fakulteite se keuringsprosesse gekoördineer is, en 963 beurse is aangebied. Altesaam 852 van die kandidate het reeds die aanbiedinge aanvaar. 'n Verdere 450 beurse sal na verwagting in die laaste rondte toegeken word, met inagneming van fakulteitspesifieke vereistes soos programme met te lae inskrywingsyfers en sosio-ekonomiese status. (Sien ook die afdeling oor finansiële steun aan studente elders in hierdie verslag.)

2.2 Studenteaansoeke en -toelatings

Soos tabel 2 hieronder aandui, is die US by sy mikpunt vir inskrywings deur bruin, swart Afrikaan-, Indië- en Asiatiese (BSIA-) kandidate vir 2017. Tog is die US se mikpunte vir BSIA-inskrywings (SBA4-mikpunt) op middeltermyn hoër as fakulteite se skattings (% BSIA). Dit is veral die geval op voorgraadse vlak, waar die samestelling van die studentekorps grootliks deur die inname van nuwelingeerstejaars bepaal word. Verskeie fakulteite het aangedui dat hulle bykomende toegespitste werwingsaksies onderneem om BSIA-studenteregistrasies te verhoog.

Rasse- verspreiding (alle -studente)	Werklike inskrywings	Vorige mikpunt	Vooruitskattings vir 2018–2022 n.a.v. fakulteite se inskrywingsbeplanning, Junie 2017				
			2018	2019	2020	2021	2022
	2017	2017					
Wit	18 949	18 996	18 576	18 268	18 091	17 736	17 490
BSIA	12 690	12 662	13 070	13 710	14 266	14 905	15 364
TOTAAL	31 639	31 658	31 646	31 978	31 357	32 641	32 854
% BSIA	40,1%	40,0%	41,3%	42,9%	44,1%	45,7%	46,8%
SBA-mikpunt		41,1%	42,7%	44,5%	45,8%	48,3%	46,8%

Tabel 2: Huidige syfers en vooruitskattings vir alle US-studente volgens ras

Voorgraadse aansoeke het op 30 Junie 2017 gesluit en die keuring- en toelatingsprosesse vir die meeste fakulteite is teen die einde van September afgehandel. In totaal was daar 'n toename van ongeveer 11% in die getal volledige BSIA-aansoeke, van 8 690 vir die ooreenstemmende tydperk in 2016 tot 9 626 in 2017. Swart Afrikaanstudente was verantwoordelik vir die grootste gedeelte van hierdie toename. Persentasiegewys het BSIA-aansoeke 54% van die volledige aansoekerpoel uitgemaak.

Wat toelatings betref, is sowat **10 392 aanbiedinge** reeds teen die einde van September aan nuwelingeerstejaars gemaak. Dit is soortgelyk aan die getal aanbiedinge in die ooreenstemmende tyd in die vorige aansoekjaar. Ongeveer 46% van die groep studente wat 'n aanbod ontvang het, is BSIA-studente.

'n Aktiewe proses is van stapel gestuur om akademies verdienstelike en/of finansiële behoeftige BSIA-studente aan wie 'n toelatingsaanbod gemaak is, ook van 'n bykomende, geïntegreerde aanbod van finansiële bystand en koshuisplasing te voorsien.

2.3 Finansiële steun vir studente

Benewens die klem op die strategiese doelwitte van die Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018, is die oogmerke met die toekenning van voorgraadse beurse en lenings:

- om studente in nood toegang tot tersiêre studie te gee;
- om uitnemendheid aan te moedig;
- om diversiteit uit te brei; en
- om geskikte kandidate vir die verskillende arbeidsektore te identifiseer.

Binne bostaande raamwerk probeer die Afdeling Voorgraadse Beurse en Lenings alle beskikbare hulpbronne, sowel ekstern as intern, volgens die vasgestelde kriteria toeken.

2.3.1 Die huidige stand van sake in die nasionale finansiëlehulpsektor

Die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) sentraliseer sedert Augustus 2016 sy aansoekproses en uitbetaling van finansiële bystand aan studente in nood. Die inwerkingstelling van die sentrale aansoekstelsel ("CAP") vir NSFAS-finansiering en die prosesse wat daarmee verband hou, hou steeds enorme uitdagings vir instellings en studente in, wat groot onstabiliteit veroorsaak.

Hierdie uitdagings is reeds verskeie kere op verskillende nasionale forums bespreek. FAPSA ("Financial Aid Practitioners of South Africa") – wat as die nasionale sambreelorganisasie vir die finansiëlehulpkantore van alle universiteite sowel as tegniese en ambagskolleges dien – het op 2 Oktober 'n verklaring uitgereik waarin hy die huidige stand van sake met NSFAS-finansiering as 'n nasionale krisis bestempel en die uitdagings en risiko's uitwys.

'n Paar van die uitdagings word kortliks hieronder uiteengesit:

Ondertekening van leningsooreenkomste (leningsooreenkomsvorm/skedule van besonderhede)

Baie studente het nog nie 'n NSFAS-leningsooreenkoms voltooi en onderteken nie. Hoewel die redes hiervoor uiteenlopend is, is die tegniese onvermoë van die NSFAS-stelsel en -personeel die grootste uitdaging. Meer as 568 van die US se studente het nog geen leningsooreenkoms ontvang nie ondanks herhaalde en deurlopende kontak tussen die US en NSFAS, ook tussen die onderskeie IT-spanne wat stelselondersteuning bied. FAPSA registreer nou die nasionale omvang van hierdie getalle. Die risiko is dat groot getalle studente nie in 2017 hulle finansiering sal ontvang nie, wat instellings gevolglik sal noop om vir die groot finansiële tekorte in te staan. Hierdie stand van sake kan tot hernude studenteprotes bydra.

Vertraagde uitbetaling

Daarbenewens word die US ook deur die vertraging in die uitbetaling van finansiering geraak, hoewel dit nie noodwendig 'n direkte impak op die US se NSFAS-studente het nie. Hoewel NSFAS-geld teen 'n fasiliteit bestuur word, plaas dit wel druk op die US se kontantvloei.

Kommunikasie met studente

Kommunikasie met studente is swak. In baie gevalle is inligting verkeerd en veroorsaak dit grootskaalse verwarring onder studente en ouers, wat dikwels tot navrae by beurskantore lei. Die personeel van die NSFAS-kliëntedienssentrum is in die meeste gevalle nie toegerus om navrae korrek te hanteer nie, en verwys dit meestal bloot terug na instellings.

Studente van skole in kwintiel 1, 2 en 3 wat nie om NSFAS-finansiering aansoek gedoen het nie

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het aan die begin van die jaar versoek dat instellings alle studente van skole in kwintiel 1, 2 en 3 moet toelaat om te registreer, en het onderneem om geld vir hierdie groep te probeer bekom. Nog geen finale terugvoering is in hierdie verband ontvang nie. Die US het 40 sodanige studente en is tans op soek na alternatiewe finansiering om hulle by te staan.

NSFAS-appèlle

Die appèlproses vir NSFAS-finansiering vir bestaande NSFAS-studente wat nie aan die normale kriteria vir voortsetting voldoen nie, is na instellings verwys. Die toekenning in hierdie kategorie word beperk tot 1% van die totale NSFAS-toewysing aan die betrokke instelling. In die meeste gevalle is hierdie geld (1% van die toewysing) geheel en al onvoldoende, wat 'n groot getal studente sonder finansiering laat. Tog het instellings geen riglyne of terugvoering in hierdie verband van NSFAS ontvang nie.

Aansoekfase 2018

Meer as 50% van alle nuwe aansoekers verkies oënskynlik om papier- eerder as elektroniese aansoeke om NSFAS-finansiering in te dien. Hierdie tendens hou 'n logistieke uitdaging vir NSFAS in, en instellings is gevra om met hierdie prosesse te help. Die US het intussen 'n tydelike aanstelling gedoen om bystand met aansoekfase 2018 te verleen. Volgens ervaring skuif NSFAS die volle verantwoordelikheid van aansoeke op instellings af en verwys ook alle navrae na instellings. Teen die einde van 2016 het sommige instellings met die voltooiing van papieraansoeke gehelp. NSFAS het die aansoeke later as "verlore" aangemeld, en kon geen bewyse opspoor dat dit ontvang is nie.

SBux

FAPSA het aangedui dat hy namens die sektor sou versoek dat SBux nie in 2018 gebruik word as diensverskaffer om NSFAS-toelaes aan studente uit te betaal nie. Dit is in hierdie stadium logisties onmoontlik vir alle NSFAS-studente om aan die begin van 'n akademiese jaar hulle leningsooreenkomste te ontvang en te onderteken. Tog is 'n ondertekende leningsooreenkoms 'n voorvereiste vir SBux om toelaes aan studente uit te betaal. Daarom het duisende studente steeds geen betalings vir 2017 ontvang nie.

Die US het teen die einde van 2016 uitstel versoek vir die implementering van SBux as sy diensverskaffer vir NSFAS-finansieringsadministrasie. Let egter daarop dat alle instellings verplig is om uiteindelik die SBux-toepassing te gebruik.

2.3.2 Steun vir studente in finansiële nood

Die US probeer alle studente uit huishoudings met 'n bruto inkomste van minder as R240 000 per jaar op grond van 'n middeletoets ondersteun. Hiervoor gebruik die instelling sy institusionele steunfinansiering (US-steunbeurse en US-beurslenings) om NSFAS- en ander hulpbronne aan te vul. Skenkings, maatskappye en ander statutêre geld ondersteun ook 'n beduidende aantal studente in nood, wat die druk op die beskikbare steunfinansiering verlig. Boonop mikrobestuur die

Beurskantoor studentetoelaes vir veral boeke, etes, privaat verblyf en vervoer om beperkte hulpbronne te optimaliseer.

Landwyd word huishoudings met 'n bruto inkomste van tussen R121 000 en R600 000 as die sogenaamde “ontbrekende middel” beskou. Studente met 'n bruto huishoudelike inkomste van minder as R600 000 per jaar kon in 2017 om 'n fooiaanpassingstoelaag van 8% aansoek doen. Die US het gevolglik 'n bedrag van R12,6 miljoen aan 3 168 sulke studente (waaronder NSFAS-gefinansierde studente) toegeken.

Let daarop dat NSFAS arm studente met 'n bruto huishoudelike inkomste van minder as R120 000 per jaar ondersteun. Studente van skole in kwintiel 1, 2 en 3 kom outomaties vir NSFAS-finansiering in aanmerking, indien hulle aansoek doen. Die US probeer hulp verleen aan alle studente uit huishoudings met 'n bruto inkomste van **tussen R121 000 en R240 000 per jaar**. Wat demografie betref, val 75% van hierdie aansoekers onder die generiese ‘swart’ kategorie.

2.4 Registrasietaakgroep weer byeengeroep vir registrasie 2018

Die Registrateur het die Registrasietaakgroep weer byeengeroep om proaktief en geïntegreerd vir die registrasietydperk 2018 te beplan. Die hoofdoel is om registrasie- en verbandhoudende prosesse so te bestuur dat studente 'n positiewe registrasie-ervaring sal hê.

Hoewel die registrasieprosesse vir aanlyn selfregistrasie en handregistrasie min of meer onveranderd sal bly, het die Suid-Afrikaanse hoërondewysomgewing die afgelope paar jaar dramaties verander. Van die faktore wat moontlik tot ontwrigting gedurende die registrasietydperk 2018 kan lei, sluit in voortslepende kommer oor die bekostigbaarheid van hoër onderwys, onsekerheid oor die bevindinge in die verslag van die Studentegeldkommissie, onvoldoende staatsfinansiering vir hoërondewysinstellings, vrese onder studente met agterstallige skuld oor of hulle in 2018 sal kan registreer, en onvoldoende bekostigbare studentehuisvesting.

Die logistiek verbonde aan die skep van 'n verwelkomende kultuur gedurende die registrasietydperk, toubestuur, doeltreffende studenteverwysings, die uitreiking van studentekaarte sowel as die betrokkenheid van senior studente gedurende registrasie sal ook op die agenda wees.

2.5 Gesprek met skole oor transformasie en taal aan die US

Die Universiteit het op 19 September met die onderwysgemeenskap in die Paarl in gesprek getree. Die geleentheid het by die Sekondêre Skool Klein Nederburg plaasgevind, en is deur skole in die omgewing sowel as die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) bygewoon. Die onderwerp was “Transformasie en taal aan die US”.

Ek en proff Nico Koopman en Arnold Schoonwinkel het aanbiedings gelewer. Ons hoofboodskap was dat **beriggewing dat die US glo Afrikaans die rug toekeer vals is**, en dat die Universiteit verbind bly tot die gebruik van dié taal saam met Engels as onderrigtaal teen die agtergrond van inklusiwiteit en meertaligheid.

Die US word soms verkeerdelik as 'n eentalige plek uitgebeeld – nie meer Afrikaans nie, maar nou volledig Engels. Dit is gewoon onwaar. Ingevolge ons nuwe [Taalbeleid](#), wat die Raad in Junie 2016 met die instemming van die Senaat goedgekeur het en vanjaar in werking gestel is, word Engels én Afrikaans as onderrigtaal gebruik – eersgenoemde sodat niemand uitgesluit word nie, en laasgenoemde omdat daar steeds 'n groot vraag na onderrig in dié taal is.

Die nuwe Taalbeleid maak voorsiening vir drie onderrigtaalmodusse – parallelmedium, dubbelmedium en enkelmedium – en Afrikaans is in ál drie aanwesig. Die Taalbeleid volg 'n inklusiewe benadering van meertaligheid.

Lede van die onderwysgemeenskap het die toeligtingssessie verwelkom.

2.6 Hofuitspraak oor Taalbeleid van 2016

Nadat die aangeleentheid tussen die Gelyke Kanse-groepering en agt ander applikante (waaronder die president van die Konvokasie) en die Universiteit Stellenbosch in Augustus in die Wes-Kaapse hooggeregshof aangehoor is, is uitspraak in Oktober gelewer.

Die applikante het die hof versoek om ingevolge artikel 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 die goedkeuring van die Taalbeleid van 2016 sowel as die beleid self ter syde te stel, en om die US te beveel om na sy vorige Taalbeleid van 2014 terug te keer.

Die hof het die **aansoek met koste van die hand gewys** en in die US se guns beslis deur die Taalbeleid as **grondwetlik** te verklaar. Die Taalbeleid van 2016 bepaal uitdruklik dat dit beoog “om uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Grondwet wat betref taalgebruik in die US se akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste”, sowel as aan artikel 29(1) in soverre dit met hoëronderwystoegang verband hou. Dít, het die hof geargumenteer, vereis noodwendig ’n toename in billike toegang tot die US vir alle studente en personeel, sowel as pedagogies verantwoordbare onderrig en leer. En aangesien die instelling se kampusse in die Wes-Kaap geleë is, het hy hom tot meertaligheid verbind deur die provinsie se drie amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa, te gebruik.

Die hof kon geen gronde vind vir die bewerings dat die bestuur aan die Raad voorgeskryf het hoe die beleid moes lui nie. Die Statuut van die Universiteit identifiseer duidelik die Raad as die hoogste besluitnemingsliggaam van die US, met die bestuur in ’n ondergeskikte posisie. Die US-bestuur het gepas opgetree om die proses aan te voer en te bepaal, want hulle was daartoe in staat om veranderende omstandighede en die impak van die Taalbeleid van 2014 te beoordeel. Daar was geen bewyse dat ’n “radikale minderheid” die inhoud van die Taalbeleid aan die US-bestuur voorgeskryf het nie. Die wydverspreide ontwrigting op kampusse in 2015 en 2016 het nie in enige opsig met die Taalbeleid verband gehou buiten dat dit ’n dringendheid geskep het om die kwessie op te los nie.

Regter Daniel Dlodlo het in sy uitspraak gesê: “Ek kom tot die slotsom dat die US besluit het dat die Taalbeleid wat hy in 2016 aanvaar het die beste is om die instelling se veelvuldige doeleindes van die voorkoming van uitsluiting, die bevordering van meertaligheid, die versekering van integrasie en die beskerming van Afrikaans te bereik. Die Universiteit het duidelik etlike faktore in ag geneem en alles opgeweeg. Volgens die wet mag hierdie hof nie daardie uiters moeilike proses bevraagteken nie, tensy die uitkoms ooglopend irrasioneel is.”

2.7 Taalsentrum

Die Taalsentrum se vermoë om vertaaldienste in Afrikatale te voorsien, is in 2017 uitgebrei aangesien US-beleidsdokumente voortaan **nie net in Engels en Afrikaans nie, maar ook in Xhosa** beskikbaar gestel sal moet word. Dít sal in pas wees met die Universiteit se nuwe Taalbeleid wat in 2017 in werking getree het, waarin die US hom verbind tot die “uitbreiding van isiXhosa as ’n interne kommunikasietaal” benewens “die bevordering van isiXhosa as ’n ontluikende akademiese taal”.

Die bevordering van Xhosa en die drietalige terminologiewebtuiste in Engels, Afrikaans en Xhosa was in 2017 kernelemente van die Taalsentrum se meertaligheidswerk. Die terminologielys bevat byna 8 000 terme op verskeie spesialisgebiede. Daarbenewens het die Tolkdiens in 2017 ’n oudit van sy Engels/Afrikaans-terminologielys onderneem, wat nou uit sowat 18 000 goedgekeurde terme uit getolkte modules bestaan. Dit sal in 2018 verder geouditeer en verbeter word.

Die Taalsentrum se taalverwerwingsaanbod in Xhosa en Afrikaans in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe was ’n hoogtepunt in 2017, veral bystand aan plaaslike en internasionale studente om Xhosa aan te leer. Die Sentrum het ook kommunikatiewe taalonderrigpraktieke in ’n gemengde vorm by kursusse soos Menslike Voeding, Arbeidsterapie, MBChB, Fisioterapie, Spraak-Taal- en Gehoortherapie sowel as Inleiding tot Kliniese Geneeskunde help integreer. Hierdie soort

inisiatief sal hopelik in die toekoms uitgebrei kan word na ander fakulteite wat van hulle afgestudeerdes verwag om Xhosa- en Afrikaansvaardig te wees.

Ook het die Taalsentrum vanjaar meertalige interne bestuursvergaderings ingestel – ’n protokol en diens wat hy bereid is om ook elders in die Universiteit aan te bied. Die Sentrum het boonop meer vertaal- en redigeerdienste begin lewer in ander tale wat op ons vasteland gebruik word, soos Frans en Portugees.

Opvoedkundige tolking

Met die inwerkingtreding van die nuwe US Taalbeleid in Januarie 2017 het die Sentrum se Tolkdien ’n ander koers ingeslaan, en bied dit nou meestal opvoedkundige tolking uit Engels in Afrikaans. Dosente behoort genuanseerde kommunikasie oor taalbehoefte te fasiliteer om te sorg dat studente bewus is van die opvoedkundige waarde daarvan om in meer as een taal toegang tot inhoud te verkry. Hiervoor het die Tolkdien in 2017 aandag geskenk aan bewusmaking onder studente en dosente van die voordele van **meertalige toegang tot leer**.

Die Taalsentrum het vanjaar ook ’n program van stapel gestuur om sy tolkaanbod te diversifiseer om “waardebelaaide” dienste aan bestaande vennote – fakulteite en departemente wat reeds van sy tolkdienste gebruik maak – te lewer, en sodoende ’n waarlik meertalige leer- en onderrigaanbod oor verskillende leerroetes heen moontlik te maak. Hierdie dienste sluit in die samestelling en verspreiding van terminologielyste, die vertaling van dosente se lesingskyfies, die transkripsie van getolkte lesings en die tolking van lesingopnames (wat beteken dat studente toegang tot ’n tweetalige weergawe van ’n dosent se opname ontvang). Vermoëbou en stroomlyning van bestaande prosesse, tesame met proefprojekte vir implementering, was ’n voorrangsaak in 2017. Konferensietolking is ook vir verskeie hoëvlak- interne vergaderings voorsien om die Universiteit se meertalige profiel te versterk.

Die aanstelling van twee professionele tolke in Suid-Afrikaanse Gebaretaal bied **dowe studente** nou die eerste keer toegang tot die US. Die tolke funksioneer in die Fakulteit Opvoedkunde. Die inisiatief werk goed, en die Universiteit sal hopelik volgende jaar méér dowe studente kan ondersteun om in die Fakulteit te studeer.

2.8 Bewusmaking oor gestremdheid


Die US beskou nou reeds geruime tyd sy jaarlikse deelname aan Loslitdag, 1 September, as ’n amptelike geleentheid en voorrangsaak. Vanjaar het die reëlinspan uit personeel- en studentevrywilligers, die Eenheid vir Gestremdhede, die Transformasiekantoor, Menslike Hulpbronne se Welweesafdeling en DisMaties bestaan.

Studente en personeel is na ’n spesiale Loslitdagbyeenkoms genooi. Die dag dien jaarliks as ’n fokuspunt vir bewusmaking van verskeie vorme van gestremdheid, sowel op as weg van die kampus. Vanjaar is die opvoedkundige en sosiale voordele verbonde aan waardering vir ons verskille en interafhanklikheid gevier en erken. Altesaam 120 personeellede en studente van ’n wye verskeidenheid fakulteite, studentegemeenskappe en PASD-omgewings het die geleentheid bygewoon.

Personeel van die Eenheid vir Gestremdhede het ook op 6 Oktober ’n sessie met 30 werknemers van USB-BO op ons Bellvillekampus gehad om hulle oor gestremdheidskwessies te sensitiseer.

Daarbenewens het die Eenheid vanjaar sy tiende bestaansjaar gevier. Om hierdie mylpaal te gedenk, het Korporatiewe Kommunikasie die hele Septembermaand ’n veldtog aangebied om die verhare van US-studente en -personeel met gestremdhede te vertel. Gebruikers van Facebook, Twitter en Instagram is aangemoedig om aan die gesprek deel te neem deur die hutsmerk **#NolimitSU** te gebruik.

Die veldtog is altesaam 74 622 keer besigtig. 'n Paar voorbeelde van stories wat gedurende die veldtog op die US se Instagram-platform verskyn het, volg hieronder:



2.9 Graderekord vir Braillekantoor

Volgens die Eenheid vir Gestremdhede sal tien blinde of visueel gestremde studente na verwagting in 2017 gradueer, terwyl twee blinde studente vroeg in 2018 hul sertifikate in Arbeidsgeskilbeslegtingspraktyk sal ontvang. Een student gradueer twee keer vanjaar. Sy het in Maart haar honneursgraad in Sielkunde ontvang, en kry in Desember haar honneurs in Politieke Wetenskap. Die ander grade wat toegeken sal word, sluit in 'n doktoraat in Musiek, 'n magister in Musiek, 'n LLB (nagraads), 'n BA-honneurs in Taalwetenskap, 'n BSc-honneurs in Sportwetenskap, 'n BEd, 'n BA Internasionale Studie en twee BA-grade in die Geesteswetenskappe. Dit is 'n nuwe rekord vir die Eenheid se Braillekantoor.

2.10 Biblioteekure verleng

Na aanleiding van pleidooie van die studentegemeenskap het Universiteit Stellenbosch Biblioteek sy ure vir die Oktober-/November-eksamen selfs verder verleng as wat aanvanklik beplan en voor begroot is. Die Biblioteek sluit nou op Maandae tot Donderdae om 23:00, en om 22:00 op Vrydae tot Sondag.

3. Behoud van momentum van uitnemendheid

Uitnemendheid is ook een van die oorhoofse strategiese prioriteite in ons *IVS 2013–2018*. In daardie dokument word dit gekoppel aan die tweede element van ons Visie 2030 – om meer innoverend te word. En in ons *IP 2017–2022* is behoud van ons momentum van uitnemendheid een van ons sewe institusionele strategieë. Ons doen dit deur ons studentesukses hoog te hou en deur die Universiteit as een van die voorste navorsingsintensiewe instellings in Afrika te posisioneer.

3.1 Prof Pumla Gobodo-Madikizela ontvang eredoktorsgraad

Die Friedrich Schiller Universiteit Jena in Duitsland het op 30 Oktober 'n eredoktorsgraad toegeken aan prof Pumla Gobodo-Madikizela, bekleër van die US se navorsingsleerstoel in Studies oor Historiese Trauma en Transformasie.

Sy het die graad Doktor in die Teologie *honoris causa* ontvang ter erkenning van haar uitmuntende werk oor trauma in verskillende maatskaplike verbande in Suid-Afrika ná die einde van apartheid. Sy is geloof vir haar baanbrekernavorsing oor skuld, versoening, vergifnis, die dialoog tussen oortreders en slagoffers, sowel as die manier waarop trauma deur individue en in politieke stelsels ervaar word.

Gobodo-Madikizela, wat in die komitee oor menseregteskendings van die Waarheids-en-Versoeningskommissie gedien het, het haar as 'n internasionale kenner oor bogenoemde onderwerpe gevestig. Sy het al verskeie internasionale en nasionale toekennings vir haar werk ontvang, en die Nasionale Navorsingstigting bestempel haar ook as 'n navorser wat beduidende internasionale erkenning onder haar portuur geniet.

3.2 Ondersteuning van 21ste-eeuse leer en onderrig

Die **Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie** het van 23 tot 25 Oktober in Somerset-Wes plaasgevind. Akademici het in groot getalle vir die sewe voorkonferensiewerksessies ingeskryf en 'n rekordgetal van 242 akademici en professionele akademiese steunpersoneel het vir die konferensie self geregistreer. Die geleentheid bied jaarliks 'n platform vir die uitruiling van innoverende leer-en-onderrigpraktyk en -akademieskap, en dien as vertoonvenster van akademici en professionele akademiese steunpersoneel se toewyding aan onderrig by die US. Vanjaar se konferensie het tien jaar se ontwikkeling van die akademieskap van onderrig en leer by die Universiteit gedenk.

Die **dosentesteunprogram**, wat deel uitmaak van die Raadsgefinansierde projek Inligtings- en Kommunikasietegnologie in Leer en Onderrig (IKT in L&O), dien nou as katalisator en ondersteunende strategiese raamwerk vir die sinvolle integrasie van leertegnologieë by die kurrikulum deur 'n pedagogiese benadering van gemengde leer. Afgesien van die suksesvolle ontplooiing van gemengdeleerkoördineerders vir fakulteitsgebaseerde steun, wat gerugsteun word deur dosentesteun in die vorm van professionele ontwikkelingsgeleentede en die verskaffing van opvoedkundige sagteware, was 'n belangrike deel van die program se werk in 2017 die ontwikkeling van gemengdeleerhulpbronne. Hierdie hulpbronne spruit uit die suksesvolle pedagogiese praktyk van US-akademici en sluit video's, handleidings sowel as drie volumes gevallestudies van gemengde leer in. Die hulpbronne en gevallestudies is by <http://bit.ly/blresources> te kry.

Ter ondersteuning van die taakgroep oor modus 2 het die Sentrum vir Leertegnologieë begin voorberei vir die realiteit van die voorsiening van **professionele steun en ontwerpdiens aan die akademiese leeromgewings** in 'n modus 2-senario. Hiermee erken die Sentrum dat die voorsiening van steun aan dié potensieel deurslaggewende aspek van die US se akademiese aanbod onafwendbaar is. Deur gereed te maak om MOOCs (massiewe oop aanlyn kursusse) en ten volle aanlyn kortprogramme, modules en in die toekoms dalk selfs volledige programme te ontwerp en te ondersteun, sorg die Sentrum dat die gehalte van ons programme optimaal bly en dat ons

institusionele beheer behou. Hierin kom die Sentrum se ervaring in die aanbidding en ondersteuning van telematiese programme oor dekades heen hom besonder goed te pas.

3.3 Klusters in studentegemeenskappe

Die klusters in die US se studentegemeenskappe het in Oktober hul tiende verjaardag gevier, wat die klusterkonsep behoorlik vaslê as die organisatoriese beginsel waarvolgens studentegemeenskappe gereël word. Klusters bied dagstudente die voordele van 'n residensiële ervaring.

Elke kluster het in die loop van die maand 'n prestige-geleentheid gehad wat deur die onderskeie akademiese hoofde aangebied is om die suksesse te vier van die studentegemeenskappe wat die verskillende klusters bedien

3.4 Rektorstoekennings vir topstudente

Die US het op 5 Oktober sy topstudente, wat uitgeblyk het op gebiede soos die akademie, sport, leierskap en sosiale impak, met Rektorstoekennings vereer. Die jaarlikse prysgeleentheid het by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) plaasgevind.

Die gasspreker, dr Nondumiso Mzizana, US-alumnus en uitvoerende hoof van Sikelela Medical & Dental Suppliers, is deur die Studenteraad (SR) vir die prys vir uitsonderlike alumnus benoem.

Klik [hier](#) om meer hieroor te lees, [hier](#) vir 'n video, en [hier](#) vir die volledige lys ontvangers.

3.5 Jaarlikse nadoktorale navorsingsdag

Die jaarlikse nadoktorale navorsingsdag het op 23 Oktober plaasgevind. Dit is deur die US se nadoktorale navorsingsgenote aangebied, en het hulle 'n geleentheid gegee om hulle navorsing op 'n toeganklike manier ten toon te stel. Vanjaar was daar onder meer 'n kategorie "Populêre artikel" en 'n videokompetisie genaamd "Dans jou projek".

Sedert dit in 2009 die eerste keer aangebied is, het die nadoktorale navorsingsdag van 'n klein simposium met net 'n paar aanbieders en minder as 50 deelnemers gegroei tot 'n gewilde voldagkonferensie met **21 aanbiedings en meer as 100 deelnemers**.

Aanbiedings het oor 'n wye verskeidenheid vakrigtings gehandel, soos die ingenieurswese, wiskunde, fisika, biomediese wetenskappe, ekonomiese en bestuurswetenskappe, sosiale wetenskappe, geografie, biochemie, fisiologie, omgewingswetenskappe en biologie.

Die Universiteit het 'n sterk netwerk van sowat 350 nadoktorale genote van binne én buite Suid-Afrika, wat beduidend tot ons publikasieuitset bydra.

3.6 Navorsingsdatabestuur

As deel van die US se lidmaatskap van die Wes-Kaapse Vlak 2-datanoduskonsortium, het die Biblioteek saam met ander US-navorsingsteunafdelings met 'n gestruktureerde, ses maande lange proefprojek begin om te toets hoe haalbaar dit sal wees om die **Figshare-navorsingsdatabestuurstelsel** te gebruik om navorsingsdata wat met artikels verband hou vas te lê en te bestuur.

Die doel met hierdie inisiatief is om aan die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se verklaring van 2015 oor verpligte ooptoegangsvereistes vir gepubliseerde navorsing te voldoen. Die oogmerke van die proefprojek is beter koördinerende tussen navorsingsteunafdelings met betrekking tot die voorsiening van navorsingsteundienste, die opklaring van navorsers se behoeftes vir die behoud van navorsingsdata, en die assessering van stelselvermoëns om navorsingsdata te bestuur.

Daarbenewens is die bedoeling dat die projek as grondslag sal dien vir broodnodige beleidsformulering om riglyne en regulasies oor institusionele navorsingsdatabestuur, datasekerheid

en databehoud neer te lê. Die pas aangestelde Bestuurder: Navorsingsdatadienste onderneem tans aktief die nodig navorsing in hierdie verband. Die Biblioteek wil graag sy navorsingsdatabestuursdiens teen die tweede kwartaal van 2018 aan die kampusgemeenskap beskikbaar stel.

Met die skryf van hierdie verslag was die Biblioteek boonop aan die voorberei om saam met die Afdeling IT 'n **datatimmerwerksessie** van 6 tot 8 November aan te bied. Die werksessie is bedoel om navorsers, nagraadse studente en navorsingsteunpersoneel met die vaardighede toe te rus om data in 'n digitale vorm te skep, te manipuleer en te bestuur.

Die vyfde jaarlikse Biblioteeknavorsingsweek oor die **praktiese besonderhede van navorsing** is van 31 Julie tot 4 Augustus gehou. Subtemas het oor aspekte van die navorsingsproses gehandel, soos hoe om jou navorsing te konseptualiseer, navorsingsdata in te samel, navorsingsresultate te ontleed en bevindinge te deel en te publiseer. Deelnemers se terugvoering het die waarde van die geleentheid bevestig, sowel as dat die week se gebeure in navorsers se behoeftes voorsien het.

Die Biblioteek het ook op 23 en 24 Oktober drie praatjies aangebied om **ooptoegangpublikasie** aan te moedig ter viering van Internasionale Ooptoegangweek.

3.7 Toekennings en eerbewyse

Twee van ons navorsers het toekennings van die **Royal Society van Suid-Afrika** ontvang: Prof Guy Midgley (Plant- en Dierkunde) is die eerste ontvanger van die nuwe Marloth-medalje, en prof Bert Klumperman (Chemie en Polimeerwetenskap) het die John FW Herschel-medalje van 2018 gewen. Dat die Royal Society van Suid-Afrika in een jaar twee navorsers van dieselfde universiteit vereer, is voorwaar uitsonderlik en 'n weerspieëling van hulle uitnemende bydraes.

Boonop het die volgende vyf US-navorsers lidmaatskap van die **Wetenskapakademie van Suid-Afrika** (ASSAf) ontvang:

- Prof Cherryl Walker (Sosiologie en Sosiale Antropologie)
- Prof Leslie Swartz (Sielkunde)
- Prof Mark Tomlinson (Sielkunde)
- Prof Ashraf Kagee (Sielkunde)
- Prof Taryn Young (Epidemiologie en Biostatistiek)

Daarbenewens is die senior direkteur van KGD, dr Pierre Viviers, in Oktober by die tweejaarlikse konferensie van die **Suid-Afrikaanse Sportgeneeskundevereniging** (SASMA) as voorsitter van dié organisasie vir die volgende twee jaar aangewys. SASMA-lede sluit dokters, fisioterapeute, sportwetenskaplikes, chiropraktisyne, voetheelkundiges en biokinetici in.

3.8 Nuwe slimfoontegnologie op proef gestel vir toegang tot eksamenlokale

Die Registrateursafdeling werk in die November 2017-eksamentydperk met Informatietegnologie saam om 'n nuwe slimfoontoepassing by 'n beperkte getal eksamensessies op die proef te stel om die akkuraatheid en doeltreffendheid van toegangsbeheer by eksamenlokale te probeer verbeter.

In plaas daarvan om studentekaarte en gedrukte presensielyste soos voorheen met die hand na te gaan, sal studentekaarte nou met 'n slimfoon geskandeer word om te bepaal (i) of 'n student toegang het tot 'n bepaalde sessie en lokaal, en indien nie, (ii) of die student na 'n ander lokaal vir die betrokke sessie verwys moet word, en (iii) of die student hoegenaamd in aanmerking kom om die eksamen in 'n bepaalde sessie te skryf.

Indien die proef suksesvol is, sal die slimfoontegnologie in 2018 na alle eksamensessies uitgebrei word. Dit kan dalk ook gebruik word vir ander assesseringsgeleenthede sowel as ander gevalle wat vinnige en akkurate toegangsbeheer vereis.

3.9 Gesondheidspaspoort vir personeellede en studente

'n Databewaarplek oor gesondheid en leefstyl het etiekgoedkeuring ontvang en sal nou geïmplementeer word om 'n gesondheidspaspoort vir personeellede en studente te skep, wat dit moontlik maak om hulle gesondheid en leefstyl oor tyd te moniteer. Hierdie projek hou groot potensiaal in as 'n databron vir toekomstige magister- en PhD-studies op verskeie gebiede en in verskillende fakulteite. Die bewaarplek is 'n samewerkingsprojek tussen KGD en die US se Instituut vir Sport- en Oefeningeneeskunde (ISOG).

4. Bevordering van sosiale impak

Om 'n groter sosiale impak te hê tel ook onder die oorhoofse strategiese doelwitte wat in die US se *IVS 2013–2018* uiteengesit word. Dit word gekoppel aan die derde element van ons Visie 2030 – om toekomsgerig te wees. En in ons *IP 2017–2022* sê ons die voortdurende en doelbewuste klem op die generiese en spesifieke sosiale impak van leer en onderrig, asook van navorsing en innovasie, versterk die transformasiegerigte sosiale impak van die Universiteit. By die US verstaan ons sosiale impak as iets sistemies, wat beteken dat alle US-omgewings daarby betrokke is.

4.1 Geestesgesondheidsbewusmaking

Die Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPOD) het 'n aantal aktiwiteite gereël om op Wêreldgeestesgesondheidsdag, 10 Oktober, geestesgesondheid te vier en mense daarvan bewus te maak. Geleenthede het ingesluit 'n praatjie deur dr Richard Vergunst oor die relevansie van akademiese welwees vir studente en personeel, en 'n gesprek op MFM oor selfdoodvoorkoming, geestesgesondheid en welwees. 'n Inligtingspunt oor geestesgesondheid is ook in die Neelsie aangebring en rolprente met 'n geestesgesondheidstema is gedurende die week by Pulp-rolprentteater vertoon. Vanjaar het die Toegepaste Teater-studente ook 'n interaktiewe geleentheid op die Rooiplein aangebied om verdere bewustheid te wek.

4.2 Albinismebewusmaking

September was Albinismebewusmakingsmaand. Die dokumentêr *As we see it*, wat deur die Menseregtemediasentrum vervaardig is, is by die US Museum vertoon. Die rolprent werp die soeklig op die uitdagings van mense met albinisme in die samelewing – nie net op 'n sielkundige vlak nie, maar ook in die onderwys.

4.3 Bestryding van geslagsgeweld

Die bestuur het die Eenheid vir Gelykwaardigheid se voorstel vir die skep van 'n geengeslagsgeweldportefeulje goedgekeur as werktuig om verskeie aanbevelings in die US se verslag oor die beëindiging van verkrachtingskultuur van 2017 in werking te stel. Die Eenheid het ook begin werk aan 'n aanlyn aanmeldingsinstrument vir voorvalle van seksuele wangedrag, wat na verwagting teen Januarie 2018 bekend gestel sal word.

Daarbenewens beplan die Eenheid om sy onlangs gevulde kommunikasie- en navorsingspos te gebruik om sy visie en sy verhoudinge met interne en eksterne belanghebbendes te bevorder. Dienste aan personeel en studente om onbillike diskriminasie en teistering te bestry, word stelselmatig uitgebou en die Eenheid se bemiddelingsprogram staan ook steeds diegene in geskille of konflik by.

4.4 Sosiale Impak-simposium

Die jaarlikse Sosiale Impak-simposium is op 20 September aangebied. Verteenwoordigers van alle US-fakulteite sowel as 'n aantal studente het hier geleentheid ontvang om fakulteitspesifieke programme, inisiatiewe en projekte ten toon te stel wat op sosiale impak en gemeenskapskaking

in gemeenskappe in en om Stellenbosch konsentreer. Die simposium is een van die meganismes wat gebruik word om US-vakkundiges en -navorsers se werk te koördineer, te erken en te vier.

Die Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) is ook by die simposium bespreek, wat tot beter begrip en groter betrokkenheid onder verskeie rolspelers gelei het.

4.5 Bekendstelling van die Sosiale Impak-kennisplatform

By bogenoemde jaarlikse simposium het die Afdeling Sosiale Impak ook sy Sosiale Impak-kennisplatform bekend gestel. Hierdie ultramoderne elektroniese platform is 'n 'eenstopplek' vir ál die US se projekte, medewerkers, vennote, vennootskappe en vrywilligers op die gebied van sosiale impak, en vergemaklik dus nou die tentoonstelling en uitruiling van programme, projekte, kennis en ervaring.

Die interaktiewe platform stel ook interne en eksterne vennote in staat om saam te werk, wat sodoende volhoubare verandering op ons dorp, in Suid-Afrika en op die vasteland fasiliteer.

Alle US-personeellede kan inligting oor inisiatiewe en geleenthede vir sosiale impak op die platform publiseer. Bydraers word genooi om aan te dui hoe hulle werk **die Universiteit se sewe ontwikkelingsstemas** ondersteun, naamlik (i) onderwys vir almal, (ii) werkskepping en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling, (iii) die omgewing en volhoubaarheid, (iv) voedselsekerheid en gesondheid, (v) hulpbronne en infrastruktuur, (vi) veiligheid, sekuriteit en goeie staatsbestuur, en (vii) maatskaplike en genderegeregtigheid. Hierdie ontwikkelingsstemas hou ten nouste verband met die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte. Die Sosiale Impak-kennisplatform is 'n direkte uitvloeisel van die inwerkingstelling van die SPSI.

Senaatslede kan gerus ook hulle inisiatiewe op hierdie platform registreer. Gaan na www.sun.ac.za/si vir meer inligting.

4.6 Samewerking met e'Bosch oor erfenis

Die US is saam met Stellenbosch Munisipaliteit en andere 'n vennoot in die erfenisprojek e'Bosch, wat beoog om onderlinge respek en vertroue te bou en alle mense in Stellenbosch en omgewing te verenig. Dit word gedoen deur kulturele geleenthede in alle omringende dorpe aan te moedig, en terselfdertyd 'n verenigende kultuur en dus ook 'n verenigde toekomstige erfenis te skep deur debat, sportaktiwiteite, omgewings- en plaaslike erfenisprojekte sowel as kunsvlyt te stimuleer.

Die hoogtepunt van ons jaarlikse samewerking was op 20 September. By dié geleentheid het die kantoor van die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie verskeie lede van gemeenskappe in en om Stellenbosch onthaal met die doel om ons erfenis te vier.

Die [dokumentêr Verlange \(Longing\)](#), wat spesiaal vir die geleentheid verfilm is, is hier vertoon. Die video toon nege vroue, almal van die dorpe in die groter Stellenbosch Munisipaliteit, wat oor hulle assosiasies met die woord "verlange" besin. Die vroue vertel van die plekke waar hulle woon, maar ook van die dinge waarna hulle verlang en dus waarop hulle hoop. Elk van die vroue, wie se ouderdomme van iets oor 20 tot 70 en ouer strek, is vol hoop vir die toekoms as inwoners van Stellenbosch en Suid-Afrika.

Die video maak deel uit van 'n gesamentlike projek deur die US Woordfees, die Eenheid vir Sosiale Impak, die Transformasiekantoor en die US Museum, wat alles onder die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie ressorteer.

4.7 Opleiding vir studenteleiervrywilligers

'n Kursus vir studenteleiervrywilligers, wat deur Matie Gemeenskapsdiens (MGD) gekoördineer en aangebied word, is tans aan die gang. Die kursus het in Oktober begin en sal tot Maart 2018 duur. Dit rus studenteleiers en vrywilligers van verskeie studentegemeenskappe toe met die vaardighede

om met lede van plaaslike gemeenskappe te skakel. Dit word gedoen in die hoop dat dit studente sal help om gemeenskapsgebaseerde projekte in verskillende gemeenskappe aan te bied.

4.8 Proses vir die erkenning van die ko-kurrikulum

Ons is besig met die ontwikkeling van 'n goed geregleerde, hoëprestasie- ko-kurrikulêre raamwerk met programme wat ko-kurrikulêre vaardigheidsontwikkeling aanmoedig en deur die Ko-kurrikulêre Erkenningsskema geakkrediteer is. Programme sal aan gehalteversekering onderwerp word om gepaste leer- en ontwikkelingsgeleenthede te voorsien. Ses ko-kurrikulêre programme is reeds bevestig. Die doel is om druk op die kurrikulum te verlig deur met behulp van die ko-kurrikulum in sekere kurrikulêre behoeftes te voorsien. Die ko-kurrikulum word by graduering erken op die studentetranskripte wat die Registrateur uitreik.

4.9 Hulp aan studente om werk te kry

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste het sy nuwe aanlyn loopbaandienstebestuurstelsel vir maatskappye en voorfinale- en finalejaarstudente, Maties Careers (<https://stellenbosch-csm.symlicity.com>), bekend gestel. Die stelsel maak dit makliker vir maatskappye en studente om in verband met werksgeleenthede en loopbaanverwante kwessies te skakel. Studente sal die stelsel op enige plek en enige tyd kan gebruik. Studentesake beplan 'n volledige openbare bekendstelling vroeg in 2018.

4.10 Groot Stellenbosse werkgewers werk saam vir inklusiewe ontwikkeling

Groot werkgewers op Stellenbosch het by 'n werksessie op 26 September ingestem om saam te werk om ontwikkeling tot voordeel van alle inwoners van die dorp te bewerkstellig. Die vergadering is deur die US byeenroep, en ander deelnemers was Stellenbosch Munisipaliteit en sewe groot plaaslike werkgewers – Capitec, Investec, Mediclinic, PSG, PwC, Remgro en Steinhoff.

Die geleentheid is aangebring deur die besef dat ons op hierdie **universiteitsdorp** voor reuse-uitdagings staan, maar ook 'n unieke geleentheid het om na oplossings te soek. Alles wat ons nodig het, is byderhand. 'n Soortgelyke benadering is al voorheen gevolg in Cambridge, Engeland, waar 'n kennisstreek op die been gebring is waar tegnologiese innovasie gedy, en in Cleveland, Ohio, waar stedelike agteruitgang intussen gestuit is.

Kwessies wat by die Stellenbosse werksessie bespreek is, was onder meer misdaad en veiligheid, verkeer en vervoer, water en elektrisiteit, werkskepping en vaardigheidsontwikkeling, sowel as entrepreneurskap en innovasie. Die burgemeester van Stellenbosch, advokaat Gesie van Deventer, het daarop gewys dat armoede steeds 'n beduidende probleem is wat dringend hanteer moet word. Boonop is daar 'n groot behoefte aan opleiding in basiese sakevaardighede vir entrepreneurs met klein ondernemings. In dié verband het die US aangebied om die Kleinsakeakademie van die Universiteit se Bestuurskool (USB) te betrek.

4.11 US Museum

Bestuurslede van die US Museum het die **Staatsuniversiteit van Michigan** (VSA) van 9 tot 19 September besoek. Hierdie besoek maak deel uit van 'n formele vennootskap oor sosiale gesprekke tussen vastelande wat op kontekstuele kwessies in verskeie Amerikaanse en Afrikakontekste konsentreer. 'n Terugvoersessie deur die US is 'n paar weke ná die Michigan-besoek aangebied en deur onder meer die Nelson Mandela-stigting, die Desmond & Leah Tutu-stigting en die Robbeneilandmuseum bygewoon.

Die US Museum bied al hoe meer gesprekke, konferensies en openbare geleenthede in samewerking met verskeie ander US-omgewings aan. In die oorsigtydperk was die Museum byvoorbeeld gasheer vir praatjies deur **Albie Sachs, aartsbiskop Thabo Makgoba en Zackie Achmat**. Die Museum het ook

'n filmvertoning van die **Denis Goldberg**-dokumentêr *Sentenced with Mandela* aangebied. Filmregisseur Marianne Edmunds het direk ná die vertoning 'n gesprek gelei.

Boonop het die Museum in September 'n twee dae lange konferensie oor die **dekolonisasie van historiese sporttemas** in samewerking met die US se Departement Sportwetenskap aangebied. So ver vasgestel kon word, was die konferensie die eerste in sy soort. Afgevaardigdes van ander universiteite en die burgerlike samelewing het dit ook bygewoon.

As deel van die Museum se kunswandelingsprogram het die gerekende kunstenaar **Lunga Kama** 'n begeleide toer deur sy huidige uitstalling aangebied. Deelnemers aan die kunswandeling op die eerste Woensdag van elke maand sowel as die sosiale museumwandeling op die laaste Donderdag van elke maand neem stelselmatig toe.

Altesaam **13 plaaslike skole (503 leerders)** het die Museum gedurende die kwartaal besoek.

Die US Museum sal ook 'n kernrol in die US Eeufeesvieringe vervul, en berei tans voor om te sorg dat uitstallings, programme, brosjures en ander materiaal gereed is vir 2018.

4.12 US Woordfees

Met die skryf van hierdie verslag sou die bekendstelling van die tema en program van die [US Woordfees](#) 2018 op 16 November plaasvind. Gaste sou oudergewoonte aan 'n *langtafel* in Ryneveldstraat onthaal word. Die tema vir 2018 is **"100%"**, wat met die US Eeufees verband hou.

Een van die hoogtepunte op vanjaar se program is die gedagteprikkelende produksie **100% Stellenbosch** deur die US Woordfees in samewerking met Rimini Protokoll, die bekroonde Duitse teatermaatskappy. Hierdie produksie is 'n teater- sowel as 'n sosiale verskynsel: Dit sal 100 mense van Stellenbosch en omgewing byeenbring wat die demografiese profiel van die dorp en sy omliggende streek sal verteenwoordig. Die produksie behels 'n lewende modellering van Stellenbosch deur statistieke op die verhoog uit te beeld. Só word algemene politieke argumente, sosiale oortuigings, vooropgesette idees en vooroordele bevraagteken. Hierdie 100 burgers sal 'n ware, lewende portret van Stellenbosch as 'n dorp skets wat deels realiteit, deels teater en 100% eg Stellenbosch sal wees.

Die 19^{de} [US Woordfees](#) vind plaas **van 2 tot 11 Maart 2018** met kaartjieverkope deur [Computicket](#).

4.13 Sanlam WOW-spelkompetisie

Die eindronde van die Sanlam WOW-spelkompetisie is op 21 Oktober aangebied. **Woorde Open Wêreld (WOW)** het sowat 1 000 gaste, waaronder 450 leerders van ál nege provinsies van Suid-Afrika, by die US ontvang. Altesaam 600 skole en sowat 6 000 leerders het landwyd aan die spelkompetisie deelgeneem.

Die kompetisie maak deel uit van die **WOW-projek**, wat by die US Woordfees van 2003 ontstaan het. WOW wil leerders se taalvaardighede verbeter, met die klem op Afrikaans. Die projek streef daarna om histories benadeelde leerders te bereik en hulle aan die wonder van boeke en letterkunde bekend te stel, 'n liefde vir taal aan te wakker, kreatiwiteit, kennis van en waardering vir die kunste aan te moedig, en verdere studie aan te spoor.

Deur blootstelling en interaksie open die spelwedstryd waarlik nuwe wêreld vir die jongmense wat daaraan deelneem. Die Noord-Kaap het vanjaar as wenner uit die stryd getree in die eindronde vir Afrikaans Huistaal deur tien van die 30 prysweners op te lewer. Die Wes-Kaap was die sterkste in die eindronde vir graad 6- en graad 9-leerders in Afrikaans Eerste Addisionele Taal.

Die kompetisie word in samewerking met die meeste provinsiale onderwysdepartemente aangebied. Natuurlik sal dit onmoontlik wees om die ses maande lange kompetisie aan te bied sonder die ruimhartige steun van verskeie finansiers en skenkers, waaronder die hoofnaamborg. Wenner het elk 'n kontantprys en medalje van Sanlam sowel as 'n boekprys van NB Uitgewers ontvang. Eersteklenkwenner het ook 'n iPad (graad 1-5) of 'n slimfoon (graad 6-9) ontvang. Ander borge sluit in kykNET, die Dagbreektrust en Het Jan Marais Nasionale Fonds.

Die Sanlam WOW-spelkompetisie vir 2018 het reeds geopen. Vir meer inligting, gaan na www.woordfees.co.za en klik op "WOW".

4.14 Sportgeneeskundediens

In samewerking met ISOG lewer KGD nou sportgeneeskundediens aan 'n plaaslike fietsryspan van Kayamandi, en toetsing voor deelname is reeds voltooi.

5. Uitbreiding van internasionalsisasie

Die uitbreiding van internasionalsisasie is een van sewe institusionele strategieë in ons *IP 2017–2022*. Ons wil ons gegradueerdes en akademië toerus om te kan floreer as burgers van 'n potensieel meer onstuimige en 'n tegnologies snelontwikkelende wêreld. Ons wil hulle in staat stel om **internasionaal beduidende bydraes** te lewer wat 'n positiewe impak op die wêreldsamelewing het.

Enkele voorbeelde word hieronder genoem. Vir meer besonderhede, sien die afsonderlike verslag van die Viserektor: Strategie en Internasionalsisasie.

5.1 Biblioteek en Inligtingsdiens

'n Afvaardiging van Zimbabwe se Reformed Church University onder leiding van hul visekanselier, professor Wiseman Magwa, het die Biblioteek op 3 Oktober besoek om samewerking met die US te bevorder.

Wouter Klapwijk, Adjunkdirekteur: Inligtingstechnologie en Digitale Dienste by die Biblioteek- en Inligtingsdiens, het ook die Global Vision-projek van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings (IFLA) in Griekeland sowel as IFLA se Internasionale Biblioteek- en Inligtingskongres in Pole bygewoon om te sorg dat die Biblioteek op hoogte bly van die jongste internasionale tendense. In hierdie tyd het Klapwijk 'n werksessie oor teks- en dataontginning vir IFLA se spesiale belangegroep oor groot data gefasiliteer. Die werksessie het gehandel oor die behoeftes van akademiese en navorsingsbiblioteke in die veranderende domeine van groot en oop data, en die nuwe rolle wat biblioteekberoepslede kan vervul om in daardie behoeftes te voorsien.

Mnr Yusuf Ras, hoof van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se biblioteek by Tygerberg, het op sy beurt in Junie die Universiteit van Leipzig as deel van 'n US-afvaardiging besoek. Hy het waardevolle insig verkry in die dienste wat daardie universiteit se biblioteek lewer, soos bibliometriese en navorsingsimpakdienste, die bestuur van hulle spesiale versamelings, en vernuwend bemarkingsaktiwiteite.

5.2 Makerere-besoek (Uganda)

Die hoof van die Transformasiekantoor het saam met die Sentrum vir Samewerking in Afrika en jong akademië Makerere-universiteit in Uganda besoek om strategieë vir die ontwikkeling van kulturele bevoegdheid en geleentheid vir samewerking te verken.

5.3 Afrika-sportgeneeskunde

'n KGD-werknemer se gasaanbieding by die Afrika-sportgeneeskundesimposium van die Amerikaanse Nasionale Basketbalvereniging (NBA) het tot samewerkingsgeleenthede met eweknieë elders in Afrika en die VSA gelei.

6. Bevordering van sistemiese transformasie

Sistemiese transformasie is een van sewe institusionele strategieë wat in ons *IP 2017–2022* uiteengesit word. Om transformasie as sistemies te beskou impliseer dat alle aspekte van die universiteitslewe by die transformasie- en vernuwingsproses betrokke is, en terselfdertyd tot die transformasie van die samelewing bydra.

6.1 Biblioteek se naam verander

Die Raad het in Junie die naamsverandering van JS Gericke Biblioteek na Universiteit Stellenbosch Biblioteek goedgekeur. 'n Nuwe naambord – in Engels, Afrikaans en Xhosa – is op 17 Oktober by die hoofingang aangebring. Fasiliteitsbestuur is tans besig om inligtingsborde elders op kampus te verander om die naamsverandering te weerspieël. Die nuwe naam verskyn reeds op die Biblioteek se webblaaie, kommunikasie en dies meer.

6.2 Transformasiebevoegdheidsprogram

Die transformasiebevoegdheidsprogram is op personeellede afgestem, en konsentreer onder meer op seksisme, verkrachtingskultuur, die aanmelding van diskriminasie, gendervloeibaarheid sowel as die oorvleuelende aard van die impak van rassisme en gestremdheid op vroue. Die program duur die hele akademiese jaar in alle fakulteite en PASD-omgewings. Dit is die afgelope kwartaal in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (met inbegrip van die Bestuurskool) en in die Afdeling Finansiële Dienste aangebied.

7. Verbetering van sistemiese volhoubaarheid

Volgens die *IVS 2013–2018* is die verbetering van die US se sistemiese volhoubaarheid 'n fokusgebied van die Universiteit. Volhoubaarheid word in die *IP 2017–2022* omskryf as 'n sistemiese begrip wat verband hou met die kontinuïteit van ekonomiese, maatskaplike, institusionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewing. Ons erken ook dat die noodsaaklike werksaamhede van 'n hoëronderwysinstelling minstens ekologies regverdigbaar, sosiaal billik en ekonomies lewensvatbaar moet wees – nie net nou, maar ook vir toekomstige geslagte.

7.1 Begroting 2018

Afsonderlike agendapunt vir Raad se oorweging.

7.2 Aansporingsfinansiering vir gegradeerde navorsers

Navorsers is onlangs in kennis gestel van veranderinge aan die NNS-aansporingsfinansieringskema. Hierdie veranderinge is op 15 September aan die gesamentlike vergadering van USAf se Navorsing- en Innovasiestrategiegroep en die Adjunkvisekanseliersforum oorgedra. Tog kon ons dit eers formeel aan ons navorsingsgemeenskap oordra nadat ons die amptelike mededeling van die NNS ontvang het.

Die veranderinge aan aansporingsfinansiering is kommerwekkend vir baie van ons gegradeerde navorsers wat staatgemaak het op hierdie geld, wat aanvanklik per jaar vir die duur van die NNS-gradering bekom is. Hierdie verandering **kan 'n negatiewe impak hê** op navorsingsprojekte en -produktiwiteit aangesien die aansporingskema buigsame en gewaarborgde finansiering vir 'n

verlengde tyd voorsien het. Die dramatiese vermindering van die finansiering kan ook toekomstige NNS-graderingsaansoeke ontmoedig.

By die US wil ons egter steeds graag die NNS-graderingstelsel in beginsel ondersteun as 'n kwalitatiewe maatstaf van uitnemendheid gerig deur portuurbeoordeling. 'n NNS-gradering is steeds 'n prestasie en dui op internasionale portuurerkenning. Dit kan 'n positiewe invloed hê op 'n navorser se reputasie, toekomstige samewerking en prestasiebeoordelings, en sal bowenal steeds as toegangspunt tot sekere mededingende NNS-finansieringsprogramme dien.

Hoewel die NNS nie meer institusionele medefinansiering vir Y- en P-gegradeerde navorsers vereis nie, het ons besluit om vir tyd en wyl die institusionele medefinansiering vir hierdie graderingskategorieë voort te sit. Ons doen dit spesifiek om ons nuwelingnavorsers te ondersteun. Die veranderinge aan die NNS-aansporingsfinansieringsmodel is op die agenda van die US se Navorsingskomitee (25 Oktober) en 'n vergadering met dekane (30 Oktober) geplaas vir verdere bespreking.

7.3 Strategiese navorsingstemas

As deel van die proses om 'n nuwe strategiese raamwerk vir die Universiteit te ontwikkel, is 'n taakgroep aangestel om die formulering van strategiese navorsingsgebiede of -temas vir die instelling te oorweeg.

Die span van tien het voorbereidingswerk gedoen en ook wyd oorleg gepleeg met alle belanghebbendes in ál tien fakulteite. Dit het die vorm van drie openbare forums aangeneem – twee op Stellenbosch-kampus en een by Tygerberg. Die uitnodiging is gerig aan alle personeel, nadoktorale genote en nagraadse studente by die US wat bydraes wou lewer. Deelnemers is gevra om kommentaar te lewer op die benadering om strategiese navorsingsgebiede aan die US te formuleer en te ondersteun, sowel as wat daardie gebiede moontlik kan insluit en wat dit dalk genoem kan word. Die opkoms by die forums was goed, en 'n finale verslag is op 10 Oktober aan die Rectoraat voorgelê.

7.4 Navorsingsindaba

Die jaarlikse Navorsingsindaba het op 23 Augustus by STIAS plaasgevind. Die doel van die Indaba is om US-navorsers 'n geleentheid te bied om verskillende menings oor navorsingsverwante sake te bespreek en te lug. Dit is belangrik dat ons hierdie menings inwin sodat ons kan bepaal of ons op die regte spoor is met betrekking tot hoe ons navorsers en nagraadse studente aan die US ondersteun, maar ook vir toekomstige strategiese beplanning. Navorsers vind hierdie soort byeenkoms baie waardevol, en ons het uiters positiewe terugvoering ontvang. Besprekingsonderwerpe vanjaar het die voorgestelde nuwe strategiese navorsingsgebiede vir die US, IKT in navorsing, navorsingsetiek en -integriteit sowel as innovasie ingesluit.

7.5 Studenteskakeling

'n Aantal belangrike skakelingsgeleenthede met studente en studenteleiers het die afgelope semester plaasgevind:

- Me Annemi Murray, Direkteur: Finansiële Beplanning en Begroting, het die US se **finansiële** verslag aan die SR voorgelê en ook by verskeie ander geleenthede soortgelyke aanbiedings oor begroting- en studentegeldsake aan verskillende studentegroepe gelewer. Ander verteenwoordigers van die Afdeling Finansies sowel as ons (aangewese) Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, het soortgelyke interaksies met studente gehad.
- As deel van die proses om die US se nuwe **Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024** te ontwikkel, het die studentegemeenskap geleentheid ontvang om kommentaar te lewer op die Universiteit se voorgestelde nuwe waardes deur middel van 'n aanlyn vraelys.

- **Jaargesprekke** met studente en studenteleiers het in Oktober afgeskop. Hierdie reeks met die sewe klusters, 40 koshuise en die wyke van die Privaatstudenteorganisasie (PSO), sowel as die verwelkomingsgesprekke met elke koshuis, bied 'n geleentheid vir opleiding, steun en besinning. Die gesprekke dien as voorbereiding vir die aanvang van pas verkose leiers se ampstermyne en volg ná die SU Leads-opleidingskonferensie en ander koshuisbeplanningsessies.
- Dr Barbara Pool, Senior Direkteur: Strategiese Inisiatiewe, en mnr Pieter Wever, Direkteur: Vervoerdienste, het die Universiteit se Geïntegreerde **Mobiliteitsplan** aan die SR voorgelê.
- Me Tonia Overmeyer, Direkteur: Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture, het 'n **middageteonthaal** vir die SR en ander studenteleiers aangebied.
- Dr Birgit Schreiber, Senior Direkteur: Studentesake, het studente in 'n inligtingsessie meer oor die verslag van die taakgroep oor die beëindiging van verkragtingskultuur vertel (sien hieronder).

7.6 Terugvoering oor verslag oor beëindiging van verkragtingskultuur

Dr Birgit Schreiber, Senior Direkteur: Studentesake, het twee inligtingsessies aangebied oor die verslag van die taakgroep oor die beëindiging van verkragtingskultuur – een op 12 Oktober op die Stellenboschkampus, en die ander op 3 November op die Tygerbergkampus. Daar was 'n goeie opkoms van studente en personeellede by albei geleenthede, en die lewendige gesprekke het die Universiteitsgemeenskap se verbintenis tot hierdie transformasiekwessie bevestig. Genderongelykhede is kommerwekkend, en dit is goed dat die US hierdie saak ernstig opneem.

Albei geleenthede is verfilm en regstreeks via [Studentesake se Facebook-blad](#) gestroom sodat ander elders ook die verrigtinge kon volg. Die opnames is steeds toeganklik. Klik [hier](#) vir die Stellenbosse video, en [hier](#) vir Tygerberg s'n.

7.7 Nuwe SR

Die SR-verkiesing vir die termyn 2017/18 het op 29 Augustus ten einde geloop. Altesaam 4 119 studente het gestem, wat op 'n stempersentasie van 14,83% te staan kom – soortgelyk aan onlangse jare. Nege lede is verkies, en vyf verteenwoordigers van ander strukture dien ook ampshalwe in die SR. By die skryf van hierdie verslag was die SR besig om nege bestuurders aan te stel wat vir sekere portefeuljes verantwoordelikheid sal aanvaar, dog sonder enige stemregte.

Die nuwe SR het **mnr Lwando Nkamisa**, 'n magisterstudent in Landbou-ekonomie, tot **voorsitter** verkies. Die 25-jarige het in die nedersetting Nontshinga naby die Oos-Kaapse dorp Centane grootgeword. Hy het aan die Senior Sekondêre Skool Uviwe gematrikuleer voordat hy sy voorgraadse studie in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Fort Hare voltooi het. Hy het hom in 2016 by die US aangesluit.

Hy het aan kampusmedia gesê: “As studente, moet ons met mekaar praat om mekaar te leer ken – ons verskille, maar ook wat ons gemeen het. 'n Gemeenskap is simpatiek, vergewensgesind, ondersteunend, vol deernis en begrip. Ons moet verby die stereotipes kyk en die persoon raaksien.”

Die hoër onderwys het 'n belangrike bydrae te lewer in ons land, maar ons het ook beduidende uitdagings. Studente vervul 'n kernrol, en studenteleiers is daar om hulle belange te verteenwoordig. Ek sien daarna uit om met die nuwe SR saam te werk. Hulle is ons medereisigers op die Universiteit Stellenbosch se pad die toekoms in.

Klik [hier](#) vir die SR-webtuiste, wat hulle self in stand hou..

7.8 Voorligting en steun

Die Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPOD) het vanjaar 'n beduidende **toename** in die behoefte aan individuele **psigoterapie en krisisintervensies** beleef. Meer studente het met selfdoodgedagtes en psigiatriese toestande soos psigose om hulp aangeklop. Dit het op sy beurt 'n invloed op medestudente, wat dan ook hulp soek. Sonder die bystand van ER24 en ons deeltydse konsultante sou Studentesake nie al die versoeke kon hanteer nie. EPOD het ook 'n goeie werksverhouding met Kampussekuriteit en Kampusgesondheid wat betref die verwysing van studente wat aan misdaadtrauma ly.

Daarbenewens het die Eenheid al hoe meer versoeke van dosente en ander personeel ontvang vir bystand met studente wat met psigiatriese en sielkundige toestande sukkel. Personeel van EPOD het die Fakulteit Natuurwetenskappe besoek om dosente oor die SSVO se diensaanbod en die proses vir die verwysing van studente in nood in te lig. EPOD-personeel het ook met PSO-studente oor depressie, angs en verskeie ander geestesgesondheidskwessies gesels. Boonop is werksessies oor stresbestuur vir studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied.

7.9 Biblioteek- en Inligtingsdiens bevorder volhoubaarheid

Om finansiële uitdagings die hoof te bied en intekeninge meer volhoubaar te maak, sal die Biblioteek in 2018 sy intekening op die volledige Wiley-vaktydskrifpakket kanselleer en op slegs 'n uitgesoekte groep gewilde Wiley-tydskrifte ingeteken bly. 'n Doeltreffende tussenbiblioteekuitleenstelsel sal voltekswaergawes van artikels uit ander Wiley-tydskrifte op versoek voorsien.

7.10 Ontwikkeling en Alumnibetrekkings

Ontwikkeling en Alumnibetrekkings (OAB) is uiteindelik **voltallig**. Anneke Muller (voorheen bemaking- en fondswerwingsbestuurder by SciMathUS) en Candice Egan het hulle as fondswerwers by die Stellenbosse kantoor aangesluit, en Darryn Havenga (voorheen hoof van die US se Kliëntedienssentrum) is nou ons Verenigde Koninkrykse (VK) fondswerwings- en alumnikoördineerder in Londen.

Skakeling met ambassades het die afgelope kwartaal 'n hoogtepunt bereik, veral interaksie met die Duitse diplomatieke korps in Suid-Afrika. Diplomatieke skakeling het ook ons internasionale besoeke aan Singapoer, Londen, Nederland en België ondersteun.

Gesprekke oor **US Eeufees-geleenthede** in alle portefeuljes van fondswerwing en alumnibetrekkings is in volle gang. Ons sien daarna uit om in 2018 'n samehangende en ambisieuse plan vir OAB in werking te stel.

Ander hoogtepunte volg hieronder en is ingedeel onder die twee OAB-afdelings.

7.10.1 Ontwikkeling (fondswerwing)

Die stroomlyning van OAB se ontwikkelingsdienste en fondswerwingsteun is op 13 September verder gevoer met 'n **gefasiliteerde fondswerwingstrategiesessie** met dekane en senior bestuurders van die Universiteit, wat nou nuwe stukrag verleen aan ons fondswerwingswerk.


Nóg 'n hoogtepunt was die aanvoering van gesprekke oor **beurse vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (oftewel "BBBEE")** en die instel van behoorlike prosesse vir die ontvangs en uitbetaling van geld, veral wat BBBEE-verifikasie betref. Die Universiteit het voorheen moontlike geleenthede misgeloop, maar is nou toegerus om maksimum voordeel daaruit te trek. Vorige verwarring oor die benutting van BBBEE-geleenthede is opgeklaar en die nuwe kennis word tans aan fakulteite oorgedra.

Die Suid-Afrikaanse kantoor van General Electric (GE) het hom daartoe verbind om studente met studiegeldskuld te ondersteun. 'n Versoek van R1,1 miljoen vir 2017 is goedgekeur. Daarbenewens toon **verskeie nuwe korporatiewe kliënte** belangstelling, waaronder PPS ("People. Power. Solutions"), Cullinan Holdings Bpk. en KWW.

OAB het 'n skenkerserkenningsgeleentheid vir **Eskom** op Stellenbosch aangebied waar dr Trevor van Louw, hoof van die Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) in die Fakulteit Opvoedkunde, 'n sertifikaat van erkenning oorhandig het. Die Eskom-ontwikkelingstigting is reeds 'n aantal jaar een van die hooffinansiers van die SUNSEP-program. [Klik hier vir 'n verbandhoudende video.](#)

Integrasie tussen internasionale fondswerwing en alumni-‘vriendwerwing’ is onlangs versterk met 'n vier dae lange werksessie in Londen, waar OAB-personeellede Shaun Stuart en Sarah Archer met ons oorsese koördineerders Darryn Havenga (VK) en Reanne Olivier (VSA) saamgewerk het aan duidelike rolomsrywings en geïntegreerde planne vir 2018. Olivier werk tans aan 'n "Find-A-Matie"-veldtog vir die VSA-mark, en ons sien daarna uit om baie van ons Maties met wie ons kontak verloor het, weer op te spoor. Die jongste uitgawe van die Matie-nuusbrief vir VSA-alumni is ook gedurende die kwartaal uitgestuur. Dit is goed ontvang deur lesers in die VSA, wat ingenome is met hoe die US deur sowel die nuusbrief as die Facebook-blad vir VSA-alumni sy oudstudee in Amerika op hoogte hou van Universiteits- en alumnikernaktiwiteite.

Die **#SU99-veldtog** is op 20 September van stapel gestuur. Dit beoog om binne 99 dae R99 999 in te samel. Hierdie veldtog duur tot 27 Desember en bied personeellede en huidige studente 'n gulde geleentheid om met 'n klein skenking 'n groot verskil op kampus te maak. Boonop gee dit alumni en vriende van die Universiteit 'n kans om die US by hulle Kersgeskenklysie in te sluit. [Klik hier vir meer inligting.](#)



Die **#Maties100-veldtog** is op 8 November van stapel gestuur. Die doel is om minstens R1 miljoen vir beurse met sportgeleenthede in ons Eeufeesjaar in te samel. Ek het self alle alumni, studente, personeel en vriende van die Universiteit genooi om op 11 Maart 2018 saam met my aan die Kaapstadse Fietstoer deel te neem om geld vir beurse in te samel. Skenkings kan ook gemaak word. Ek nooi ook alle Raadslede om hierdie inisiatief te steun. [Klik hier vir meer inligting](#), of [besoek ons blad op GivenGain](#).

OAB het twee verdere **beursvoogdyskapgeleenthede** aangebied – 'n skemerkelkonthaal in Sandton op 22 Augustus en 'n ontbyt in Rivonia die volgende dag. Vanjaar se drie geleenthede in hierdie kategorie het in effek R89 miljoen se finansiering aan die US verseker, synde die netto bedrag

beurssteun (oor 'n tydperk van drie jaar) van daardie skenkers wat hierdie geleentheid bygewoon het. Prof Piet Naudé van die US se Bestuurskool het by my aangesluit en skenkers het veral die openhartige vraag-en-antwoordsessies waardeur. Om ons verhouding met skenkers te verdiep, sal hulle genooi word na die Desember-gradeplegtighede van die studente wat danksy hulle beurssteun kon studeer.

Ander aktiwiteite met betrekking tot beursvoogdyskap het die volgende jaarlikse geleentheid ingesluit: die Allan Gray Orbis-beurswerwingsgeleentheid, die GT Ferreira-dinee vir beursbegunstigdes by Tokara, en die beursdinee van die Dippenaar-familietrust. By twee tjekoorhandigingsgeleenthede het ABSA en die Suid-Afrikaanse Nasionale Zakah-fonds (SANZAF) onderskeidelik R5 miljoen en R780 000 geskenk.

Ander hoogtepunte het die volgende ingesluit:

- Die Wilfrid Metje-stigting het in September R7,4 miljoen geskenk.
- Die HB Thom-trust het beurse ter waarde van R1,894 miljoen vir 2018 bevestig (betaling in Januarie 2018).
- Die Andrew W Mellon-stigting het \$860 000 bewillig vir die projek “Biography of an Uncharted People” vanaf 2018 (betaling teen Desember 2017). [Klik hier vir meer inligting.](#)
- 'n Nuwe beurskenker, die Hillenburg-trust, is bekend gestel.
- OAB het jaarlikse skenkers (diegene wat elke jaar meer as R50 000 skenk) per SMS met hulle verjaardae begin gelukwens. Hulle ontvang 'n standaardboodskap in hulle voorkeurtaal, en hoewel dit arbeidsintensief is, is daar groot waardering vir die gebaar.

7.10.2 Alum nibetrekkinge

Die proses om 'n omvattende en inklusiewe **strategie vir US Alum nibetrekkinge** te ontwikkel is voltooi en die finale konsep is op 3 Oktober vir bespreking aan die Rektoraat voorgelê. Ná die inligtingsinsameling- en raadplegende fase van die projek, sowel as die SWOT-ontleding en die ontleding van reaksies uit die groter alumni-opname, is alle terugvoering by die oorhoofse strategiedokument ingesluit. Dié dokument sal nou onder fakulteite en ander belanghebbendes versprei word. Die strategie strook met die Universiteit se strewe om meer toekomsgerig, inklusief, divers, innoverend en buigsaam in ons alum niskakeling te wees.

Alum nibetrekkinge-aktiwiteit op **sosiale media** vir die tydperk geëindig 30 September het aanhou toeneem namate OAB 'n meer gesofistikeerde aanbod aan alumni bied. In die digitale era is die voortgesette verbetering in ons aanlyn skakeling met alumni verblydend.

OAB het in die derde kwartaal **alum niskakelingsgeleentheid** in Windhoek, Upington, Sandton, Port Elizabeth en Knysna aangebied. Ander geleentheid het die volgende ingesluit:

- 'n **Filmvertoning** van die hoog aangeskrewe dokumentêr *The Trouble With Truth* is op 28 Julie in samewerking met die US Museum vir alumni aangebied. Dit is gevolg deur 'n gesprek met die regisseur, Marion Edmunds, self 'n US-alumnus.
- 'n Gespreksgeleentheid vir **beroepslui in die LGBTI+-gemeenskap** in Kaapstad en omgewing is op 2 September aangebied. OAB ondersteun ons LGBTI+-alumni as deel van die erkenning van spesiale belangegroepes onder ons oudstudente.
- **Ingenieurswese**-alumni is op 19 September by 'n netwerkgeleentheid in Sandton verwelkom. Die nuwe dekaan van die Fakulteit, prof Wikus van Niekerk, is by dié geleentheid bekend gestel as deel van pogings om bande met die volle spektrum van Ingenieurswese-alumni in die Gauteng-omgewing te versterk.

- OAB het in September **twee konserte van die US Koor** vir ons skenkers, alumni en vriende in Johannesburg en Pretoria aangebied. Die Pretoria-geleentheid is boonop verfilm en sal in 'n latere stadium op kykNET uitgesaai word. Die warmte en welwillendheid by hierdie konsert was vir my 'n riem onder die hart. Ons sal voortgaan met pogings om vriende te werf en ons alumni spesiaal te laat voel, terwyl ons hulle ook geleentheid bied om herinneringe aan hulle studentedae op te haal, ongeag generasie.
- Laastens het OAB ook op 9 Oktober sy tweede **Alumniloopbaankafee** op ons Stellenbosch-kampus aangebied. Dalton Odendaal, 'n US-alumnus, entrepreneur en deesdae Londense borgskapkenner op sport- en vermaaklikheidsgebied, was die gasspreker. Meer as 300 US-studente en jong alumni was daar en is geïnspireer deur Dalton, wat deelgeneem het as 'n manier om van sy tyd en talent aan sy alma mater te skenk.

7.11 Toekenning van Andrew W Mellon-stigting

Die trustees van die Andrew W Mellon-stigting het 'n toekenning van **\$860 000 oor 'n tydperk van vyf jaar** aan die US bewillig ter ondersteuning van 'n program wat groot datastelle en digitale tegnologieë vir historiese navorsing gebruik. Die program bied ook verbandhoudende opleiding aan nagraadse studente. Die US sal 'n bykomende R1,117 miljoen tot die projek bydra.

Die projek onder leiding van prof Johan Fourie van die Departement Ekonomie, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sal in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Departement Geskiedenis bedryf word.

Aangesien veral swart Suid-Afrikaners voorheen dikwels van kwalitatiewe argiefbronne uitgesluit is, is daar tans 'n tekort aan historiese inligting. Nou bied rekords op individuele vlak sowel as die metodes van die “digitale geesteswetenskappe” ons die geleentheid om die onvertelde geskiedenis van Suid-Afrikaners te vertel. [Die projek “Biography of an Uncharted People”](#) is 'n eerste poging om die geskiedenis van families wat voorheen oor die hoof gesien is, aan die lig te bring. Dít word gedoen deur groot stelle historiese mikrodata te transkribeer.

Hierdie inisiatief strook duidelik met ons institusionele strategie ten opsigte van navorsing op sosiaal- en geesteswetenskaplike gebied, sowel as die noodsaaklike element van vermoënbou onder jong navorsers, onder meer diegene uit aangewese groepe. Boonop sal die transdissiplinêre projek die vestiging en ontwikkeling van die digitale geesteswetenskappe ondersteun en beduidend daartoe bydra.

Die projek sal ook 'n nuwe metodologie in die Departement Geskiedenis aanvoer en veranker. Dit sal 'n impak hê op onderrig, leer en navorsing, en geleenthede skep vir die motivering van toekomstige akademiese aanstellings op dié gebied.

Die Andrew W Mellon-stigting het lank reeds 'n hegte verhouding met die US en streef daarna om die geesteswetenskappe en lettere se bydrae tot menslike vooruitgang en die welsyn van diverse en demokratiese samelewings te versterk, te bevorder en te verdedig. Hiervoor ondersteun die stigting voorpunt-instellings van hoër onderwys en kultuur aangesien hulle 'n onskatbare erfenis van ambisieuse baanbrekerswerk uitbou en ontsluit.

7.12 Korporatiewe Kommunikasie

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het binne 'n betreklike kort tyd beduidende vordering gemaak met voorbereidings om die toon aan te gee met die universiteitswye implementering van die **Geïntegreerde Kommunikasiestrategie** (GKS). Die einddoel met die GKS is om die Universiteit van mededingers in die hoëronderwysmark te onderskei en die instelling gunstig onder sy belanghebbendes te posisioneer.

Die **Geïntegreerde Kommunikasieforum** (GKF) vorder fluks met die ontwerp van 'n funksionele model vir die implementering van die GKS by die Universiteit, sowel as die bepaling van 'n stel grondbeginsels vir 'n finansieringsmodel wat sodanige implementering kan ondersteun.

Soortgelyk aan die GKF, is 'n **Handelsmerkverwysingsgroep** (HVG) ook op die been gebring om Korporatiewe Kommunikasie oor handelsmerkidentiteitsbestuur te adviseer. Die HVG werk veral goed om sinergie en samewerking in die praktyk te fasiliteer, en die verskillende verteenwoordigers spreek gereeld hulle waardering uit vir die meganismes en prosesse wat deur hierdie inisiatief ingestel is. 'n Visuele/kontakpunt-identiteitsoudit is in noue samewerking met HVG-lede onderneem, en word in November 2017 deur 'n handelsmerkoudit gevolg. Die resultate van die verskillende oudits sal die handelsmerkherieningsstrategie direk rig en ook indirek as rigsgaande dien vir die opstel van die belanghebbendesakeelingsplan en 'n matriks vir geïntegreerde kommunikasieprogramme. Ouditresultate sal boonop in ag geneem word in die ontwikkeling van die nuwe strategiese raamwerk vir die Universiteit.

7.12.1 Eeufeeshandelsmerkidentiteit

'n Gefasseerde benadering om gekoördineerde optrede en gesamentlike verantwoordelikheid vir US-handelsmerkbestuur in die hand te werk, het in Augustus 2017 met die Eeufeeshandelsmerkwerksessies afgeskop. Die eerste fase het uit vier **werksessies** bestaan wat van Augustus tot Oktober aangebied is. Die werksessies was 'n geleentheid om individue te identifiseer wat 'n bydrae kan lewer en ondersteuning kan bied as handelsmerkambassadeurs in hulle onderskeie omgewings, en om belanghebbendes met die nodige gereedskap toe te rus om as handelsmerkkampvegters in die proses van handelsmerkbelyning en -bestuur op te tree.

Bykomende inisiatiewe waarvoor advies en steun as deel van gedeelde dienste voorsien is, het **handelsmerktoepassings** ingesluit soos omslae vir intreelesings, die Rektor-T-hemp, die Varsitybeker-T-hemp vir Maties Steinhoff-ondersteuners, die Maties-rugbytrui vir die Varsitybeker, en Kommersiële Dienste se Matiewinkel. Hierdie inisiatiewe is tans hoofsaaklik op die Eeufeeshandelsmerk gerig, en beklemtoon terselfdertyd die belang van handelsmerkbelyning en -konsekwenheid.

Omvattende **Eeufeeshandelsmerkriglyne** is voltooi. As deel van 'n bestuursproses én om handelsmerkverdoening te verseker, is gebruiksvoorwaardes in samewerking met Regsdienste opgestel. Interne en eksterne belanghebbendes moet tot die gebruiksvoorwaardes toestem om toegang tot die riglyne en grafika van die Eeufeeshandelsmerk te verkry. Sedert die voldoeningsmaatreëls ingestel is, is sowat 23 gebruiksvoorwaardevorms voltooi en onderteken. Die Afdeling Korporatiewe Handelsmerkidentiteit hanteer elke versoek op meriete as deel van die handelsmerkbestuursinisiatiewe wat onlangs bekend gestel is.

Daarbenewens is 'n gebruikersvriendelike weergawe van die Eeufeeshandelsmerkriglyne, wat op gebruikers op grondvlak afgestem is, byna klaar. Dit sluit in skryfbehoeftes-templates soos die **e-poshandtekening** vir personelede, wat met 'n stapsgewyse handleiding sal gepaardgaan. Die handtekening bevat die banier met die Eeufeestema en -uitdrukking in Afrikaans, Xhosa en Engels.

7.12.2 Internal communication

Interne kommunikasieoudit

Korporatiewe Kommunikasie het die diensverskaffer Business DNA aangestel om 'n interne kommunikasieoudit te onderneem om die Universiteit se huidige kommunikasiekanale, -praktyke en -protokolle te beoordeel. Die ouditresultate en -aanbevelings sal as grondslag dien vir die konseptualisering en implementering van 'n interne kommunikasieplan wat vir meer doeltreffende kommunikasiekanale, -protokolle en -prosesse sal voorsiening maak wat met die US se strategiese prioriteite strook.

Die eerste projekvergadering het in Oktober plaasgevind en voorlopige datums vir die oudit is vasgestel. Ouditaktiwiteite sal insluit 'n aanlyn opname vir personeellede en studente, personeel- en studentefokusgroepe sowel as individuele onderhoude met lynbestuurders kort ná die aanvang van die akademiese jaar 2018.

Nuusbriewe

Korporatiewe Kommunikasie se nuusbriewe en kennisgewings het in die oorsigtydperk 'n gemiddelde leeskoers van sowat 29% behaal, wat ver bo die bedryfstandaard van 23,8% is. Gemiddelde deurklyksyfers vir news@StellenboschUni (6,4%) en info@StellenboschUni (4,7%) het ook die bedryfstandaard met 2,2% oortref.

Afrikaanse en Engelse massaboodskappe aan studente in die vorm van bulletin@StellenboschUni – wat studente genooi het om op gendertransformasie aan die US kommentaar te lewer (27 September) en hulle in kennis gestel het van gesprekke oor die gedifferensieerde fooistruktuur vir 2018 (11 Oktober) – het albei goed gevaar met 'n gemiddelde leeskoers van 52%. Personeellede het blykbaar ewe veel in die voorgestelde fooistruktuur vir 2018 belang gestel en die boodskap daaroor in info@StellenboschUni het altesaam 320 klike ontvang.

Stories oor water, soos die artikel oor dr Thinus Booysen se slimwatermeter, en kennisgewings wat personeellede aanmoedig om water te bespaar, bly gewild. Die kennisgewing oor die instelling van vlak 5-waterbeperkings op Stellenbosch het meer as 260 klike ontvang.

Kommunikasie van die Raad is steeds die gewildste item in die Afrikaanse en Engelse nuusbriewe. Terugvoering van die vorige vergadering van die Raad is by die news@StellenboschUni van 29 September ingesluit, en het meer as 600 klike ontvang (vir Afrikaans en Engels saam). Dit is belangrik om daarop te let dat artikels en items in news@StellenboschUni en info@StellenboschUni vergesel word van 'n kort samevatting van die gebeurtenis, kennisgewing of artikel, so slegs diegene wat werklik daarin belang stel om verder oor die onderwerp te lees, klik deur na die volledige artikel op die US se webtuiste.

7.12.3 Korporatiewe publikasies

Die 2017-uitgawe van *Matieland* is vroeg in November onder personeellede, alumni, skenkers en vriende van die Universiteit versprei. Afsonderlike Afrikaanse en Engelse weergawes is aanlyn [op die webtuiste beskikbaar](#). Daarbenewens het die uitgawe van 2016 onlangs drie pryse van die SA Publikasieforum gewen, naamlik vir uitnemende ontwerp, uitnemende skryfwerk en kommunikasie, en as finalis in die kategorie vir eenmalige publikasies.

Noudat die Eeufeeshandelsmerkidentiteit bekend is, is Korporatiewe Kommunikasie gereed om belanghebbendepublikasies vir vrystelling in die US se Eeufeesjaar voor te berei. Die Afdeling werk ten nouste saam met die Sentrum vir Studentewerwing om materiaal vir voorgraadse studentewerwing in 2018 op te stel, en het reeds ontwerpkonsepte vir die voorgraadse prospektuspublikasies van ontwerpfirmas bekom. Met die deskundige hulp van die fakulteite, departemente, die Registrateursafdeling en Akademiese Administrasie word inligting bygewerk vir hierdie publikasies sowel as vir die voorgraadse studentewebtuiste, www.maties.com, wat as die hoofinligtingsbron vir voornemende studente dien.

Dit is 'n **belangrike ontwikkeling vir voor- en nagraadse inligting** op die US-webtuiste aangesien die huidige databasis met prospektusinligting die einde van sy gebruiksduur bereik het en teen die einde van Maart 2018 uit diens gestel sal word. Die inligting sal staties bly totdat 'n nuwe databasis in werking tree en geen verdere bywerkings sal vir die grootste deel van 2018 gedoen kan word nie. Korporatiewe Kommunikasie ondersteun ook die Nagraadse Kantoor – die nuwe eienaar van die nagraadse prospektuswebtuiste – om nagraadse inligting op die databasis by te werk en na te gaan.

7.12.4 Eksterne kommunikasie (US in die nuus)

Dit is vir my aangenaam om verslag te doen dat ons die afgelope drie maande wéér 'n toename beleef het in die getal mediaberigte wat na navorsing en institusionele aangeleenthede van die US verwys. Trouens, wat volumes betref, het die US in September die meeste dekking ontvang van alle universiteite wat deur die Universiteit se nuwe mediamonitoringsdiensverskaffer, Professional Evaluation and Research (PEAR), gemoniteer word.

Verskeie koerante sowel as [SABC Nuus](#), [SABC2](#), [SAFM](#) en [Cape Talk](#) het berig oor prof Thinus Booysen se navorsing oor 'n [slimwatermeter wat skole water help bespaar](#). Ook dr Daniel le Roux en Douglas Perry se werk oor [slimfone wat studente se aandag in lesings aflei, het tot vele artikels en onderhoude gelei – selfs in die buiteland. Die PhD-studente](#) Monica Clements, Jonathan Hay en Anton Hamann het op hulle beurt vorendag gekom met vernuwende en betreklik bekostigbare maniere om [tot 3 000 liter water per week te bespaar](#), waaroor onder meer die [Cape Times](#), [The Times](#) en [Eikestadnuus](#) verslag gedoen het.

Die jaarlikse [Russel Botman-gedenklesing, wat vanjaar deur regter Zak Yacoob gelewer is](#), sowel as die onthulling van 'n portret en die bekendstelling van 'n boek oor die lewe van wyle prof Botman het ewe goed gevaar in die media en het byvoorbeeld op [SABC](#) verskyn.

Afgesien van die fasilitering van 'n aantal mediavrstellings, het Korporatiewe Kommunikasie ook weer verskeie kennerslyste gedurende die verslagtydperk versprei. Dít het ingesluit lyste vir Vrouedag (wat onder meer tot dekking in [The Citizen](#) gelei het), [Internasionale Geletterdheidsdag \(Cape Times\)](#), [Internasionale Dag van Demokrasie \(Daily News, Pretoria News en The Mercury\)](#) en [Internasionale Vertaaldag \(Cape Argus\)](#). Ander artikels en meningsartikels oor nasionale en internasionale dae het ingesluit Loslitdag ([Cape Argus](#)), [Wêreldonderwysersdag \(Cape Argus\)](#) en [Wêreldvoedseldag \(Cape Argus\)](#).

Verdere interessante US-navorsingstudies waaroor die media berig het, was onder meer die volgende:

- [Vissermanne, hoe goed ken julle julle visvangwurms? \(Cape Talk\)](#)
- [AB InBev en Universiteit Stellenbosch gaan saam navorsing doen oor bier se bestanddele \(Argus, Cape Times\)](#)
- [Suid-Afrika se langpootbye só aangepas om bokhoringblomme te bestuif \(The Times, Die Burger, Beeld, The Herald\)](#)
- [Bejaardes ly aan wanvoeding – \(Cape Argus-voorblad\)](#)
- [Wat en hoeveel moet ons daaglik drink?](#)
- [Kan seevoëls infraklank waarneem?](#)

Op institusionele vlak het die Gelyke Kanse-hofsaak, wat daarop uit is om die US te dwing om na sy Taalbeleid van 2014 terug te keer, ook 'n hele paar mediaberigte tot gevolg gehad. Dít het nie net oor taalimplementering gehandel nie, maar ook persoonlike aanvalle op lede van die US-bestuur geloods. In aanloop tot die hofdatums in Augustus was daar oënskynlik 'n doelbewuste poging in die media om twyfel te saai oor US-prosesse en -individue, wat die verkeerde indruk gewek het dat die US in 'n uitsluitlik Engelssprekende instelling verander word en ons instelling se reputasie skade gedoen het. Op grond van die regspan se advies om nie gedurende die hofproses by 'n mediaveldtog betrokke te raak nie, het die mediakantoor nie tot die debat toegetree nie.

Ander institusionele sake wat in die nuus was, was onder andere die volgende:

- [Ontmoet Lwando Nkamisa, die Universiteit Stellenbosch se nuwe SR-voorsitter](#)
- [Konferensie bekyk rol van vroue en swart mense in sportgeskiedenis](#)
- [Jonathan Jansen by Universiteit Stellenbosch aangestel](#)

- [US verbeter sy posisie op Times Higher Education-ranglys](#)

Ek bedank graag weer die vele **US-denkleiers wat vir die media skryf**. Meer as 61 artikels het die afgelope paar maande in verskeie koerante en op nuuswebtuistes verskyn. Raadpleeg gerus die bylaag vir die jongste lys meningsartikels en rubrieke.

7.12.5 US-webtuiste

Die US-webtuiste, www.sun.ac.za, ontvang gemiddeld **1,2 miljoen trefslae per maand**.

Van 24 Julie tot 13 Oktober 2017 is die webtuiste altesaam 2,8 miljoen keer besigtig, waarvan 2,1 miljoen unieke bladbesigtigings was. Unieke bladbesigtigings is besigtigings deur nuwelinggebruikers (wat herhaalde besigtigings deur dieselfde gebruikers uitsluit).


Webtuistebesoeke bereik 'n hoogtepunt op Maandae, en mediavrstellings en nuusbriewe lok 'n beduidende getal besoekers wat graag die volledige artikels op ons webtuiste wil lees. Plasings op sosiale media dra verder tot die toename in webtuisteverkeer by.


Landingsblaaie wat konsekwent die meeste besigtig word, sluit in die Engelse US-tuisblad, die Maties-tuisblad (www.maties.com) en die webblaaie van die studentekomitees van die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sowel as Natuurwetenskappe.

7.12.6 Sosiale media

Die getal mense wat die Universiteit se een **Twitter**-platform @StellenboschUni volg, trek al by die 48 000. Hierdie kanaal word gebruik om amptelike institusionele aangeleenthede oor te dra. Die ander platform, @MatiesStudents, is die instelling se meer informele stem vir nuus oor die studentelewe, prestasies en geleenthede en word deur 'n bestendige 16 000 mense gevolg.

LinkedIn is steeds een van ons snelsgroeiende en positiefste skakelingsplatforms. Hierdie kanaal word tans deur 103 000 mense gevolg, welke syfer sedert Januarie 2017 met meer as 30 000 toegeneem het. Ons LinkedIn-gehoor bestaan oorwegend uit alumni. Onlangse plasings oor die vier eredoktorsgrade wat by die Desember- en Maart-gradeplegtighede toegeken sal word, is 150 000 keer besigtig.





Daarbenewens het ons 'n aantal video's op ons **Facebook**-blad gelaai, wat uitstekend gevaar het.

7.13 Ooreenkoms met Departement van Verdediging hernu

Die US en die Nasionale Departement van Verdediging (DvV) het 'n nuwe memorandum van ooreenkoms (MvO) onderteken om die verhouding tussen die twee instellings, wat tot die 1960's teruggevoer kan word, verder te verstewig. Die ondertekening het op 5 Oktober by die hoofkantoor van die DvV in Pretoria plaasgevind.

Die US is die **enigste universiteit in die land** wat opleiding op die terrein van **krygskunde** bied. Die bedoeling met die nuwe MvO – 'n hersiening van die ooreenkoms wat in 2012 onderteken is – is om 'n hegte werksverhouding tussen die twee partye teweeg te bring.

Hersienings sluit in 'n opklaring van die hoëronderwysdienste wat die US aan die DvV sal voorsien, sowel as die skep van bevorderlike leeromgewings waarin sowel studente en personeel kan gedy. Die ooreenkoms sit die twee partye se rolle en verpligtinge uiteen, soos die DvV en Universiteit se onderskeie finansiële verpligtinge ten opsigte van die US se Fakulteit Krygskunde.

Die MvV handel ook oor sake soos aanstellings, vergoeding en diensvoorwaardes, toelating en behandeling van Krygskundestudente, en die voortsetting van 'n gesamentlike advieskomitee wat tegelyk aanspreeklik is teenoor albei partye.

7.14 Prof Russel Botman vereer

Wyle prof Russel Botman is onlangs vereer met 'n gedenklesing, die onthulling van 'n portret van hom, die bekendstelling van 'n boek oor sy lewe, sowel as die erkenning van US-studente wat beurse ontvang het uit 'n fonds wat heet na hierdie voormalige Rektor en Visekanselier van die US, wat skielik in Junie 2014 oorlede is. Dit het alles plaasgevind by 'n geleentheid by die Fakulteit Teologie op 18 Oktober 2017, wat prof Botman se 64ste verjaardag sou wees.

- Die derde jaarlikse Russel Botman-gedenklesing is gelewer deur regter Zak Yacoob, uitgetrede regter van die Konstitusionele Hof. Klik [hier](#) vir 'n video-opname, en [hier](#) vir 'n skriftelike weergawe van die toespraak.

- Die portret is deur kunstenaar Fiona Metcalfe geskilder, en word in die US Museum uitgestal.
- Die boek, *Russel Botman, 'n huldeblyk: 1953–2014*, is deur redakteurs prof Albert Grundlingh van die Departement Geskiedenis, prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, en Ruda Landman, Matie-alumnus en bekende TV-persoonlikheid, saamgestel. Altesaam 16 mense het aan die lewensverhaal van die voormalige Rektor help skryf. Klik [hier](#) vir meer hieroor.
- Die eerste nege ontvangers van Russel Botman-beurse, wat vir 2016 en 2017 toegeken is, is ook erken (klik [hier](#) vir 'n video). Prof Botman het die fonds in 2013 op sy 60ste verjaardag gestig, agt maande voor sy afsterwe.

8. Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek

Die Kampusvernuwingsprojek (KVP) is in Desember 2014 deur die US Raad goedgekeur. Die projek is geïnisieer toe die risiko verhoog het dat baie van die US se fisiese infrastruktuur wanfunksionierend en vervalde geword het weens langtermyngebrek aan instandhouding en as sodanig 'n risiko vir die volhoubaarheid van die akademiese projek van die US begin inhou het. Ons beskou die fisiese fasiliteite van die US as strategiese bates en noodsaaklike instaatstellers van 'n wêreldklasuniversiteit wat sistemies volhoubaar is.

8.1 Universiteit Stellenbosch Biblioteek

Die opknapping van die ingangsarea van die Universiteit Stellenbosch Biblioteek is in die vroeë beplanningsfases, en die Biblioteek en Fasiliteitsbestuur het 'n voorkeurargitek, Wolff Argitekte, aangestel. Die opknapping sal die sirkulasieafdeling, koffiearea, toiletgeriewe vir personeel en studente, gesprekskamers en die ouditorium insluit. Die argitekte sal proefmodelle vir die areas voorberei waarop personeel en studente verder kan kommentaar lewer. As alles volgens plan verloop, sal die opknapping vroeg in 2018 begin.

8.2 Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se biblioteek

Die opknapping van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se biblioteek op Tygerbergkampus nader voltooiing. Die tenderprosesse vir die nuwe en opgeknapte meubels is reeds afgehandel. Verskeie kunstenaars is genooi om kunswerkontwerpe vir die “boom van kennis” in die binnehof van die biblioteek voor te lê. Die meeste binneontwerpaspekte, soos die matte, muurpapier en inligtingstekens, is reeds in die aangewese areas aangebring. Met die skryf van hierdie verslag sou die kontrakteurs die perseel teen die einde van Oktober oorhandig, en die biblioteekversameling sal in Desember na die nuwe ruimtes teruggeskuif word.

8.3 Bellvilleparkkampus-inligtingsentrum

Die opknapping van die Bellvilleparkkampus-inligtingsentrum (USBI) neem in Januarie 2018 'n aanvang. USBI-personeel is besig om van ongebruikte vaktydskrifte en boeke ontslae te raak. Die kantore, tydskrif-/koerant- en leesareas, elektroniese klaskamer en die twee wegbreekkamers sal in November en Desember 2017 ontruim word ter voorbereiding vir konstruksie. Bouwerk aan die twee klaskamers sal tussen Januarie en April 2018 plaasvind. 'n Muur sal tussen die konstruksiearea en die biblioteek opgerig word. Die biblioteek en sy personeel sal dan van April tot September 2018 by die twee nuwe klaskamers intrek terwyl USBI opgeknip word. Die USBI-opknapping sal na verwagting teen September 2018 klaar wees. Dienste sal geensins gedurende die konstruksie- en opknappingsfase onderbreek word nie.

9. Slot

Ek bedank u opreg vir u harde werk en toewyding die afgelope jaar. Ek hoop u ervaar vreugde en vervulling oor wat ons saam gedurende die jaar vermag het, en dat u trots voel op u verbintenis met hierdie wêreldklasinstelling. Ruim die komende vakansie tyd in om te rus, te herstel en weer u kragte op te bou voor ons Eeufees in 2018 – nóg 'n belangrike mylpaal vir die US.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'WJS de Villiers', with a large, stylized loop at the end.

Prof WJS de Villiers
Rektor en Visekanselier

BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (28 Augustus tot 26 Oktober 2017)

OUTEUR	VAN (omgewing of instelling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Doris Viljoen	Instituut vir Toekomsnavorsing	The next #1 organisational capability	Fin24 (29 Aug)
Dr Marcia Lyner-Cleophas	Eenheid vir Gestremdhede	Disabilities a chance to celebrate our diversity	Cape Argus (31 Aug)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Buro vir Voortgesette Teologiese Onderrig en Navorsing	Keer terug na die basiese	Beeld (2 Sep)
Prof Thinus Booysen	Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	How smart meters can save water in drought-ridden Cape Town	The Conversation (3 Sep)
Dr Tristen Taylor	Filosofie	Leninism looms large over ANC's self-destruction	Business Live (4 Sep)
Dr Jason Bantjes Daniel Goldstone Lisa Dannatt	Sielkunde Sielkunde Universiteit van Kaapstad	Integrated care can help prevent suicide among substance users	The Conversation (5 Sep); Star (7 Sep)
Dr Abdul Kader Domingo	Psigiatrie	Changing attitudes on addiction	Cape Argus (6 Sep)
Pauline Hanekom	Sentrum vir Pedagogie	Developing pupils' digital literacy in an increasingly digitised world	Cape Times (6 Sep)
Dr Kim Wallmach / Marguerite van der Waal	US Taalsentrum	You still have to make the effort	Cape Argus (7 Sep)
Gerrie Swart	Politieke Wetenskap	How long will ballot still trump bullet?	Daily News (12 Sep)
Prof Nox Makunga	Plant- en Dierkunde	Women scientists lag in academic publishing, and it matters	The Conversation (13 Sep); News24 (17 Sep)
Prof Nuraan Davids & prof Yusef Waghid	Opvoedingsbeleidstudie	How tolerance enhances democracy and the quest for human flourishing	The Conversation (12 Sep); Pretoria News (14 Sep); Star (14 Sep); The Witness (18 Sep)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Naspers en die 'WVK-ding'	Beeld (16 Sep)
Dr Jason Bantjes	Sielkunde	Why people who attempt suicide need more than meds	The Conversation (17 Sep); Daily Dispatch (20 Sep)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Hybridity part of SA's rich heritage	News24 (22 Sep)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Ouers moet nou opstaan	Die Burger (23 Sep)
Dr Stephanie Malan-Muller	Psigiatrie	Getting closer to understanding the link between PTSD and bacteria in the gut	The Conversation (24 Sep)
Dr Gavin Walker	Africa Open-instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie	King Kong: legendary South African musical returns to a fragmented country	The Conversation (24 Sep); Star (2 Okt)
Prof Pamela Naidoo	Buitengewone professor, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Spotlight on tobacco smoking as the main cause of heart disease and stroke	Cape Times (28 Sep)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	'n Swaargewig in media	Beeld (29 Sep)

OUTEUR	VAN (omgewing of instelling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Kim Wallmach	US Taalsentrum	Why translators and interpreters deserve a special day of recognition	The Conversation (30 Sep)
Prof Justus Apffelstaedt	Chirurgie	Breast cancer: The importance of early detection	All4Women (3 Okt)
Ashanti Kunene	Magisterstudent (Internasionale Studie)	We cannot afford to have leaders that do not read	Huffington Post (3 Okt)
Dr Lorna Dreyer	Opvoedkundige Sielkunde	Learning support teachers play crucial role in classes	Cape Argus (4 Okt)
Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	The ripple effect of rape on SA	City Press (8 Okt)
Prof Pamela Naidoo	Buitengewone professor, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	It's vital to curb heart disease among our women, young people	IOL (8 Okt)
Prof Liesl Zühlke	Universiteit van Kaapstad		
Prof Karen Sliwa	Universiteit van Kaapstad		
Dr Chris Jones	Praktiese Teologie en Missiologie	Ethnic superiority must end for us to prosper	Daily News (9 Okt)
Ashanti Kunene	Magisterstudent (Internasionale Studie)	'Blacks with Access' may not plead ignorance	News24 (12 Okt)
Dr Tristen Taylor	Filosofie	SA – where hating is easier than thinking	Business Live (13 Okt)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Die stempel van die dood	Beeld (13 Okt)
Mbe Mbhele	Universiteit van die Witwatersrand	Struggle songs let us be heard	Mail & Guardian (13 Okt)
Gavin Walker	Africa Open-instituut vir Musiek, Navorsing, en Innovasie		
Dr Scott Drimie	Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium	Nourishing food crucial for health	Cape Argus (16 Okt)
Dr Sandra Boatemaa	Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium	Struggling in the midst of plenty	Daily News (16 Okt)
Dr Ntsikelelo Breakfast	Politieke Wetenskap, Fakulteit Krygskunde	The defence force an essential part of society in SA	The Herald (16 Okt)
Prof Keymanthri Moodley	Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg	Archbishop Desmond Tutu: the essence of what it means to be human	The Conversation (19 Okt); The Citizen (21 Okt)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Buro vir Voortgesette Teologiese Onderrig en Navorsing	Die teenpole van waardes	Rapport (22 Okt)
Dr Tienie Ehlers	Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool Bestuursontwikkeling (USB-BO)	How sport can teach business leaders to 'pass the ball'	News24 (23 Okt)
Prof André Roux	Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB)	Economic growth in SA: what has gone wrong?	Business Live (23 Okt)
Dr Ross Anthony	Sentrum vir Chinese Studies	China takes its place at the head table	Business Live (24 Okt)
Dr Jason Bantjes	Sielkunde	Poor business practice to ignore employees' psychological well-being	Cape Times (24 Okt)

OUTEUR	VAN (omgewing of instelling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Heide Raubenheimer	Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB)	Women are not small men	Fin24 (24 Okt)
Karl Beech	Coronation-fondsbestuurders		
Dr Richard Vergunst	Psychology	Disabled students suffer in silence	IOL (25 Okt)

Gereelde rubrieke (28 Augustus – 26 Oktober 2017)

OUTEUR	VAN	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Johan Fourie	Ekonomie	How the world of finance evolves	Fin24 (12 Sept)
		Policy uncertainty is killing investment in what matters	Fin24 (14 Sept)
		Emigrasie nie noodwendig sleg vir tuisland se ekonomie	Rapport (17 Sept)
		The politics of infrastructure	Finweek (5 Okt)
		Die teenpool van intelligensie en visie	Rapport (15 Okt)
		Should South Africa host mega-events?	Fin24 (15 Okt)
Prof Amanda Gouws	Politiese Wetenskap	Praat, of dinge gaan sleg eindig	Die Burger (29 Aug)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Net terugkyk is verraad teen ons toekoms	Die Burger (30 Aug)
		Daar is geen geregtigheid sonder liefde	Die Burger (6 Sept)
		'n Malcolm en Martin moet in elk van ons leef	Die Burger (4 Okt)
		Ons durf nie Oliver Tambo vergeet nie	Die Burger (25 Okt)
Dr Leslie van Rooi	Sosiale Impak	Kan Malema ons leierskapskrisis oplos?	Netwerk24 (26 Sept)
		Kunste moet sy protesstem verhef	Netwerk24 (19 Okt)